‘n ONDERSOEK NA ERNSTIGE GEWELDSMISDAAD - VOORSTELLE VIR OPLEIDING (‘n GEVALSTUDIE)

WERKSTUK INGELEWER TER GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD VAN MAGISTER IN PUBLIEKE ADMINISTRASIE AAN DIE SKOOL VAN OPENBARE BESTUUR EN BEPLANNING VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH.

L. SIEGELAAR

STUDIELEIER: DR. F. UYS

DESEMBER 2000

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verklaring

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

L. Siegelaar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Opsomming

Nie 'n enkele dag gaan in Suid - Afrika verby sonder verskeie geweldsmisdade as voorbladnuus nie. Die Kaapse Vlakte in die Wes -Kaap is van die gebiede wat erg deur ernstige geweldsmisdaad geraak word. Die afgelope drie jaar het ernstige geweldsmisdaad wat gepleeg word deur die gebruik van 'n vuurwapen skerp gestyg.

Die ondersoek van dié misdade is net soos die voorkoming daarvan vir die SAPD 'n prioriteit. Die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad het na die amalgamering van elf polisie - agentskappe in 1996 verander. Waar die Moord - en - Roofeenheid voor 1996 vir die ondersoek van misdade soos moord en poging tot moord met 'n vuurwapen gepleeg, verantwoordelik was, word die meeste van die misdade nou deur lede verbonde aan plaaslike speureenhede ondersoek. Gespesialiseerde kennis word benodig vir die ondersoek van die genoemde misdade. Plaaslike speurders het slegs opleiding ontvang om algemene ondersoeke waar te neem. Die vraag wat nou ontstaan is wat is die invloed hiervan op die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad en meer spesifiek die oplossing daarvan.

Teen hierdie agtergrond word ondersoek ingestel na die huidige stand van opleiding van plaaslike speurders en die uitwerking daarvan op die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad. Vir hierdie doeleindes word SAPD Ravensmead Speurdiens as gevalstudie gebruik. Die praktyk word met die teorie vergelyk en gevolgtrekkings word gemaak oor die invloed van opleiding op die suksessyfer in die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Summary

Not a single day passes in South Africa without various violent crimes making the front pages of the local media. The Cape Flats in the Western Cape is one of areas which is seriously affected by violent crime. During the past three years serious violent crimes committed with a firearm have shown a sharp increase.

The investigation of such crimes is, just as its prevention, a priority of the SAPS. Investigation of serious violent crime has also changed since the amalgamation of the eleven police agencies in 1996. Whereas the Murder and Robbery Unit was responsible for investigation crimes such as murder and attempted murder using a firearm before 1996, most of these crimes are nowadays investigated by members attached to local detective units. Specialist knowledge is required for the investigation of the said crimes whereas local detectives have only received training in conducting general investigations. The question arising is what is the influence of this training on the investigation of serious crime and more specifically their solution.

Against this background the current state of training received by local detectives is investigated as well as the influence on the investigation of serious violent crimes. The SAPS Ravensmead Detective Service is used as a case study for this purpose. Practice is compared to the theory and conclusions are drawn about the influence of training on the success rate during the investigation of serious violent crimes.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Erkennings

Graag wens ek die volgende persone te bedank:

My Hemelse Vader vir Sy barmhartigheid en genade aan my betoon.

My ouers vir die geleenthede wat hulle my gegee het en ook vir al die ondersteuning.

My kinders Alastair en Shanell vir al die opofferinge wat hulle moes maak.

My studieleier Dr. F. Uys vir sy bystand en leiding.

Dr. D. Schutte vir sy ondersteuning en leiding met die opstel van die vraelyste.

Die personeel van SAPD Ravensmead Speurdiens vir die samewerking met die voltooiing van die vraelyste en die insameling van data.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
Verklaring	ii
Opsomming	iii
Summary	iv
Erkennings	v
Lys van figure en tabelle	xii
Lys van bylae	xiii
Lys van afkortings	xiv

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

1.0 Inleiding	1
1.1 Motivering	2
1.2 Probleemstelling	3
1.3 Hipotese	4
1.4 Afbakening van studiegebied - en veld	5
1.5 Tydperk van navorsing	6

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.6 Navorsingsmetodologie 7

1.6.1 Primêre data-insameling 7

1.6.2 Sekondêre data-insameling 7

1.7 Hoofstukindeling 8

1.8 Konsepverklarings 8

HOOFSTUK 2

TEORETIESE OMSKRYWINGS VAN MISDAAD EN OPLEIDING

2.0 Inleiding 10

2.1 Omskrywing van 'n misdaad 10

2.2 Tipes misdaad 11

2.2.1 Oneerlikheidsmisdade 11

2.2.2 Seksuele misdade 12

2.2.3 Geweldsmisdade 13

2.3 Ernstige geweldsmisdade 14

2.3.1 Faktore wat aanleiding gee tot geweldsmisdaad 16

2.3.1.1 Sosiaal-maatskaplike faktore 16

2.3.1.1.1 Persoonlike faktore 16

2.3.1.1.2 Rolmodelle en groepsoptrede 17

2.3.1.1.3 Ondersteuningstelsel 17

2.3.1.1.4 Tipe woonbuurte 18

2.3.1.2 Ekonomiese faktore 18

2.3.1.3 Ander bydraende faktore 19

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.4 Oogmerke van geweldsmisdaad 19
2.4.1 Wraak en oorlewing 19
2.4.2 Bevoordeling 20
2.4.3 Aandagvestiging 20
2.5 Tydperke van geweldpleging 20
2.5.1 Tydperk vanaf 1960 tot 1994 21
2.5.2 Die huidige situasie vanaf 1994 22
2.6 Rede vir die toename in die tipe geweldsmisdaad 22
2.7 Opleiding 23
2.7.1 Omskrywing van opleiding 24
2.7.2 Omgewingsfaktore en opleiding 24
2.7.3 Voordele van opleiding 25
2.7.3.1 Voordele vir die organisasie 25
2.7.3.2 Voordele vir die personeel 26
2.7.4 Opleidingstegnieke 26
2.7.4.1 Kursusse 27
2.7.4.2 Konferensies 28
2.7.4.3 Seminare 28
2.7.4.4 Werkswinkels 28
2.7.5 Beperkingsfaktore 29
2.7.6 Opleidingsmodel 29
2.8 Samevatting 32

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE SAPD: 'n PRAKTIESE PERSPEKTIEF

3.0 Inleiding 33

3.1 Omskrywing van misdaadondersoek 34

3.2 Misdaadtoneel 35

3.2.1 Forensiese wetenskap 36

3.2.1.1 Ballistiek 36

3.2.2 Optrede op die misdaadtoneel 37

3.2.3 Ernstige geweldsmisdaadtonele 39

3.3 Inligtinginwinning 41

3.4 Werwing en opleiding 42

3.5 Samevatting 45

HOOFSTUK 4

DATA -ANALISE

4.0 Inleiding 47

4.1 Vraelyste 47

4.1.1 Opleiding 47

4.1.1.1 Speurderskursus 48

4.1.1.2 Ballisties, Forensies en Inligtinginwinning 48

4.1.1.3 Grondwet, Menseregte en Gemeenskapspolisiëring 49

4.1.1.4 Ondervinding 49

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.1.2 Betrokkenhied van klaers, getuies en die gemeenskap 49

4.1.3 Hulpmiddels 50

4.1.3.1 Voldoende hulpmiddels 50

4.1.3.2 Diensbaarheid van hulpmiddels 51

4.1.3.3 Taakgeoriënteerdheid van hulpmiddels 51

4.1.3.4 Vervanging van hulpmiddels 51

4.1.4 Kennis betreffende EGM - komponent 52

4.1.5 Oplossings vir die hantering van ernstige geweldsmisdaad 53

4.2 Statistiese ontleding van moord en poging tot moordondersoeke 53

4.2.1 Moordondersoeke 53

4.2.1.1 Verloop van moordondersoeke deur plaaslike eenheid 54

4.2.1.2 Arrestasies op moordondersoeke 55

4.2.1.3 Verloop van moordondersoeke deur EGM - komponent 56

4.2.2 Poging tot moordondersoeke 57

4.2.2.1 Verloop van poging tot moordondersoeke deur plaaslike eenheid 58

4.2.2.2 Arrestasies op poging tot moordondersoeke 58

4.3 Samevatting 61

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

AANBEVELINGS VIR DIE ONDERSOEK VAN ERNSTIGE GEWELDSMISDAAD

5.0 Inleiding 62

5.1 Opleiding 62

5.1.1 Forensiese wetenskap 63

5.1.2 Ballistiek 63

5.1.3 Inligtinginwinning 64

5.1.4 Opleidingstegnieke 67

5.1.5 Voordele van opleiding 69

5.2 Verspreiding van werkslading 70

5.3 Hulpmiddels 71

5.4 Samevatting 72

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING

Samevatting 74

Bronnelys 79

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN FIGURE EN TABELLE

Figuur 1.1:	Vergelykende misdaadsyfers	1
Figuur 1.2:	Diagramatiese voorstelling van herstrukturering	3
Figuur 1.3:	Analitiese raamwerk vir studie	4
Figuur 1.4:	Statistiek van voorvalle van poging tot moord	5
Figuur 2.1:	Armstrong se opleidingsmodel	30
Figuur 4.1:	Stand van opleiding	48
Figuur 4.2:	Verspreiding van moordondersoeke	54
Figuur 4.3:	Verloop van moordondersoeke deur plaaslike eenheid	55
Figuur 4.4:	Arrestasies op moordondersoeke	56
Tabel 4.5:	Verloop van moordondersoeke deur EGM -komponent hanteer	56
Figuur 4.6:	Poging tot moordondersoeke	57
Figuur 4.7:	Verloop van poging tot moordondersoeke deur plaaslike eenheid	58
Figuur 4.8:	Arrestasies op poging tot moordondersoeke	59
Figuur 5.1:	Analitiese raamwerk vir voorstelle	65

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN BYLAES

Bylaag A:	Mandaat van die EGM	83
Bylaag B:	Kaartuitleg van studiegebied	84
Bylaag C:	Voorbeeld van vraelys	85
Bylaag D:	Koerantberig - Rapport 23 Januarie 2000	86
Bylaag E:	Koerantberig - Die Burger 2 Junie 2000	87
Bylaag F:	Koerantberig - Die Burger 12 September 2000	88

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN AFKORTINGS

In hierdie werkstuk sal van die volgende afkortings gebruik gemaak word:

EGM - Ernstige Geweldsmisdaadkomponent

GPF - Gemeenskapspolisiëringsforum

MAS - Misdaadadministrasiestelsel

PAGAD - People Against Gangsterism and Drugs

SAPD - Suid -Afrikaanse Polisiediens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 1

Inleiding en probleemstelling

1.0 Inleiding

Statistiek toon dat ernstige geweldsmisdaad hoë afmetings in die Wes-Kaap aanneem. Woongebiede op die Kaapse Vlakte soos Elsiesrivier, Bishop Lavis, Ravensmead en Manenberg word die ergste deur dié tipe misdaad geraak. Die gemeenskappe se lewenswyse word ontwrig deur die ewigdurende geweldpleging in hulle woonbuurte.

Alhoewel die voorkoming van ernstige geweldsmisdaad in die Wes-Kaap prioriteit geniet, toon figuur 1.1 dat daar oor die afgelope drie jaar 'n skerp styging in sulke voorvalle was.



Figuur 1.1 Vergelykende misdaadsyfers

Om in Suid-Afrika geweldsmisdaad te ontleed is nie 'n maklike taak nie. Die SAPD werk onder moeilike omstandighede om dié misdaad aan te spreek. Die SAPD geniet nie groot steun onder die meerderheid van die gemeenskappe waar die misdaad hoofsaaklik voorkom nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit kan onder andere toegeskryf word aan die rol wat hulle in die verlede (apartheidsera) gespeel het, waar dit van hulle verwag was om diskriminerende wette toe te pas. Huidiglik kan dit dalk aan die onverdraagsaamheid van die publiek teenoor lede van die SAPD toegeskryf word. Die persepsie dat die SAPD nie suksesvol is in die stryd teen misdaad nie, kan aanleiding gee tot die onverdraagsaamheid.

1.1. Motivering

Die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad is, soos die voorkoming daarvan, 'n prioriteit vir die SAPD. Voor die herstrukturering van die SAPD in 1996 was die Moord- en Roofeenheid verantwoordelik vir die ondersoek van ernstige geweldsmisdade. Na herstrukturering is die ondersoek van misdaad op provinsiale vlak verdeel in (i) algemene ondersoek, (ii) gespesialiseerde ondersoekeenhede. Die algemene ondersoeke is gesetel op stasievlak in die vorm van plaaslike speureenhede en is vir die ondersoek van misdaad in daardie stasiegebied verantwoordelik. Die gespesialiseerde eenhede is op provinsiale vlak gesetel en is vir gespesialiseerde ondersoeke in alle stasiegebiede regoor die provinsie verantwoordelik. Die gespesialiseerde eenhede is saamgestel uit die volgende komponente naamlik (i) Ernstige Geweldsmisdaad (EGM), (ii) Georganiseerde Misdaad, (iii) Handelsmisdaad en (iv) Interne Sekuriteitskomponent.

Die EGM - komponent bestaan onder meer uit (i) Moord-en Roof, (ii) Bende-ondersoek, (iii) People Against Gangsterism and Drugs (PAGAD)-ondersoek (nou herdoop na die Misdaad teen die Staatondersoek) (iv) Taxi-ondersoek en (v) Voertuigkapingseenheid. Hulle is verantwoordelik vir die ondersoek van alle ernstige geweldsmisdaad in die Wes-Kaap. Bylaag (A) vervat die mandaat aan die hand waarvan die komponent funksioneer. Diagramaties lyk die herstrukturering as volg:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur1.2 Diagramatiese voorstelling van herstrukturering

Vanweë die feit dat die mandaat so wyd geskryf is en die EGM - komponent se personeel te min is, behartig hulle nie alle sake wat kwalifiseer vir gespesialiseerde ondersoeke nie. Dit laat die ondersoek van dié misdaad in die hande van plaaslike speurders. Die vraag wat ontstaan is of plaaslike speurders oor die opleiding beskik om sodanigeondersoeke waar te neem. Geen studie is nog tot op hede gedoen om te bepaal of plaaslike speurders oor die vaardighede beskik om ernstige geweldsmisdaad suksesvol te ondersoek al dan nie.

1.2. Probleemstelling

Teen die voorafgaande agtergrond word geargumenteer dat daar 'n verband bestaan tussen die opleiding van speurders en die suksesvolle ondersoek van ernstige geweldsmisdaad op die Kaapse Vlakte. Aangesien die tipe misdaad wye publisiteit in die samelewing geniet, kan dit 'n negatiewe uitwerking op die sosiale en ekonomiese welsyn van die gemeenskappe hê indien dit nie suksesvol ondersoek word nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.3. Hipotese

Die gebrek aan gespesialiseerde opleiding van plaaslike speurders gee aanleiding tot die SAPD se onvermoë om geweldsmisdaad op die Kaapse Vlakte suksesvol te ondersoek (figuur 1.3). In hierdie studie word twee veranderlikes geïdentifiseer soos Brynard & Hanekom (1997:20) aandui. Eerstens gespesialiseerde opleiding as onafhanklike of oorsaaklike veranderlike en tweedens die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad as afhanklike veranderlike. Daar bestaan 'n verhouding tussen die veranderlikes wat getoets kan word deur die suksessyfer van misdade wat algemene opleiding verg met die wat gespesialiseerde opleiding verg te vergelyk.



Figuur 1.3 Analitiese raamwerk vir studie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.4. Afbakening van studiegebied - en veld

Die studie is op SAPD Ravensmead Speurdiens gemik. Dié gebied is vanweë sy ligging gekies. Die woongebied word omgrens deur ander gemeenskappe wat ook deur ernstige geweldsmisdaad geteister word. Aan die oostekant is Bellville-Suid, Kuilsrivier en Belhar met Elsiesrivier in die weste en Bishop Lavis in die suide (Bylaag B).

Slegs misdade waar 'n vuurwapen gebruik is en 'n persoon gedood of beseer is, dit wil sê, moord en poging tot moord sake, sal in die ondersoek gebruik word. Figuur 1.1 toon 'n skerper toename in moordsake wat met 'n vuurwapen gepleeg is, as vir moord op 'n ander wyse. Vir die tydperk 1997/1998 is die toename 226 gevalle (32,2%) vir moord met 'n vuurwapen teenoor moord op 'n ander wyse 88 gevalle (3,6%). Vir die tydperk 1998/1999 is die toename vir moord met 'n vuuwapen 77 gevalle (8,3%) en vir moord op 'n ander wyse is daar 'n afname van 67 gevalle (2,6%).



Figuur 1.4 Statistiek van voorvalle van poging tot moord

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 1.4 toon dat poging tot moord met 'n vuurwapen gepleeg vir die gemete tydperk meer is as die op 'n ander wyse gepleeg. Figuur 1.4 toon ook dat daar vir die tydperk 1997/1998 teenoor die ooreenstemmende tydperk die vorige jaar min of meer dieselfde toename in beide gevalle was. In die tydperk het poging tot moord met 'n vuurwapen 'n toename van 263 gevalle (11,9%) getoon en poging tot moord op 'n ander wyse 'n toename van 291 gevalle (26,1%). Vir die tydperk 1998/1999 teenoor die ooreenstemmende tydperk die vorige jaar toon poging tot moord met 'n vuurwapen 'n styging van 82 gevalle (3,3%) en poging tot moord op 'n ander wyse 'n afname van 54 gevalle (3,9%).

Genoemde statistiek dui dat moord en poging tot moord met 'n vuurwapen gepleeg teen 'n vinniger tempo as die op ander wyses gepleeg toeneem. In hierdie studie sal slegs op genoemde twee misdade naamlik moord en poging tot moord met 'n vuurwapen gekonsentreer word.

Omdat daar 'n verskil in opleiding van speurders verbonde aan gespesialiseerde eenhede in hierdie geval EGM - komponent en lede verbonde aan plaaslike eenhede is, word daar in hierdie studie meer breedvoerig aandag aan opleiding bestee. Daar word wel in die vraelyste vrae gestel oor ander aspekte soos hulpbronne en die betrokkenheid van die gemeenskap in die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad. Die doel hiermee is om vas te stel of daar ander faktore is wat 'n nadelige invloed op die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad het.

1.5. Tydperk van navorsing

Die studietydperk 1 April 1997 tot 31 Maart 1998 is om die volgende redes afgebaken, naamlik :

(a) Slegs statistiek van die SAPD wat reeds gepubliseer is mag vir verdere publikasie gebruik word, tensy skriftelike magtiging daarvoor verkry word. Die betrokke jaar se statistiek is reeds deur die Minister van Veiligheid en Sekuriteit in die parlement bekend gemaak en is ook reeds gepubliseer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(b) Die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad sake duur normaalweg 'n lang tydperk omdat tydrowende ondersoeke soos na-doodse-, ballistiese en forensiese ondersoeke deur deskundiges uitgevoer word.

Die navorser se studie het gedurende Junie 1999 in aanvang geneem en data is op daardie stadium van die spesifieke misdade bekom. Die data is gedurende April 2000 opgradeer om 'n getroue weergawe van die huidige stand van sake te gee.

1.6. Navorsingsmetodologie

Daar is van 'n pluraliteit van navorsingsmetodes vir data-insameling gebruik gemaak. Hierdie metodes word vervolgens bespreek:

1.6.1. Primêre data-insameling

Vraelyste is onder sewentien speurders verbonde aan SAPD Ravensmead Speurdiens versprei. Die vrae handel oor hulle opleiding, hulpmiddels en kennis aangaande EGM (Bylaag C).

1.6.2. Sekondêre data-insameling

Statistiese data vir moord en poging tot moord wat met vuurwapens gepleeg was, is vanaf die MAS-stelsel van die SAPD bekom en bestudeer om die verloop van die sake te bepaal asook om die suksessyfer van SAPD Ravensmead Speurdiens te bepaal.

'n Kruisverwysing tussen die volgende data -basisse is gedoen om die relevansie van die studie vas te stel: Nexus, Sabinet, Ineg, US Bellville Park Biblioteek en J S Gericke Biblioteek.

Koerantberigte is gebruik om die media se weergawe van die probleem te evalueer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Toepaslike Wetgewing soos die **Grondwet van Republiek van Suid Afrika 1996** (Wet 108 van 1996), die **Wet op Suid - Afrikaanse Polisiediens 1995** (Wet 68 van 1995) en die **Witskrif vir Veiligheid en Sekuriteit** 1998, is geraadpleeg vir riglyne in die ondersoek van misdaad.

Vergelykende literatuurstudie (Bless & Higson-Smith,1996:22) van die verskeie bronne onder andere, Snyman 1986, Hancock & Sharp 1997, Marais 1992, Altbeker 1998 en McKenzie 1996 is gedoen.

Opleidingsmodules van die SAPD Opleidingskolleges Paarl en Silverton is bestudeer om die huidige stand van opleiding te evalueer.

Bestaande Internetbesprekingsgroepe is geraadpleeg om die omvang van die probleem en die relevansie van die studie te bepaal.

1.7. Hoofstukindeling

In hoofstuk een word die inleiding en die motivering asook die hipotese van die studie verskaf. Verder word daar in hoofstuk twee 'n literatuur oorsig van die begrippe misdaad en opleiding gegee. Meer spesifieke aandag word aan ernstige geweldsmisdaad bestee. Hoofstuk drie word gewy aan aan 'n praktiese perspektief van die verantwoordelikheid van die SAPD. Hoofstuk vier bestaan uit die data - analisering van die verskillende misdade. Hoofstuk vyf bevat normatiewe aanbevelings vir die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad en hoofstuk ses beslaan die samevatting.

1.8. Konsepverklarings

Die volgende konsepte word in die teks gebruik en het die onderstaande betekenis tensy anders aangedui.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Handeling - enige willekeurige menslike gedrag.

Dader - 'n persoon wat verantwoordelik is vir die pleging van 'n misdaad.

Vaardigheid - die vermoë om ernstige geweldsmisdaad te ondersoek.

Suksessyfer - die aantal sake waarop daar 'n skuldigbevinding in 'n hof verkry is.

Formele opleiding - opleiding waarvoor daar op een of ander wyse erkenning voor gegee word byvoorbeeld, sertifikate.

Informele opleiding - opleiding wat in die normale verloop van 'n werknemer se werksaamhede aangebied word en waarvoor geen erkenning gegee word nie.

Poging tot moord - 'n misdaad wat gepleeg word deur die gebruik van 'n vuurwapen waar 'n persoon verwond word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 2

Teoretiese omskrywings van misdaad en opleiding

2.0. Inleiding

Die doel van die hoofstuk is om aandag te skenk aan die konsepte (i) **misdaad** en (ii) **opleiding**. Daar sal gekonsentreer word op verskillende tipes misdade, meer spesifiek geweldsmisdaad. Die faktore wat aanleiding gee tot geweldsmisdaad , redes vir die toename in geweldsmisdaad, die oogmerke van geweldsmisdaad , tegnieke van opleiding en die voordele van opleiding word bestudeer. Laastens word 'n bestaande opleidingsmodel omskryf wat aangewend kan word vir die opleiding in die ondersoek van geweldsmisdaad.

2.1. Omskrywing van misdaad

Voordat enige handeling of late (nie-doen) as 'n misdaad verklaar kan word, moet daar 'n omskrywing wees wat so 'n handeling of late as 'n misdaad verklaar. 'n Misdaad word tradisioneel omskryf as enige handeling wat met straf bedreig word deur die staat. Enige handeling stel nie 'n misdaad daar nie, maar slegs dié wat met straf bedreig word deur die staat. Vir die doeleindes van die Suid - Afrikaanse Strafreg word aanvaar dat die genoemde handeling in 'n misdaad slegs deur 'n mens uitgevoer kan word.

'n Misdaad kan sy ontstaan uit twee bronne hê naamlik, die Gemene Reg, wat volgens Snyman (1986:5) regsreëls is wat nie in wetgewing van die Parlement of ondergeskikte wetgewers opgeteken is nie. Die Gemene Reg het sy oorsprong in die Romeins-Hollandse Reg. Dit gaan terug tot byna tweeduisend vyfhonderd jaar gelede. Vervolgens is daar misdade wat hul oorsprong in die Wettereg het. Dit is misdade wat vervat word in wetgewing van die Parlement van 'n bepaalde staat en in dié van ondergeskikte wetgewers. Die **Strafproseswet 1977** (Wet 51 van 1977) en die **Wet op Basiese Diensvoorwaardes 1997** (Wet 75 van 1997) dien as voorbeelde van wetgewing van die Parlement in Suid - Afrika.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2. Tipes misdaad

Vanweë die aantal misdade wat daar in die Gemene Reg sowel as die Wettereg bestaan, word dit vir analitiese doeleindes in drie groepe verdeel, naamlik oneerlikheidsmisdade, seksuele misdade en geweldsmisdade. Die klem vir die verdeling word op die tipe handeling geplaas wat nodig is vir die pleging van die misdaad. Vir die doeleindes van hierdie studie is die fokus op geweldsmisdaad.

2.2.1. Oneerlikheidsmisdade

Oneerlikheidsmisdade is misdade waar die handelingselement een van oneerlikheid is. Misdade soos diefstal, bedrog, meineed en vervalsing val in hierdie kategorie.

Diefstal, volgens Snyman (1986:511) die wederregteklike en opsetlike toe-eiening van iemand anders se roerende liggaamlike saak, of sodanige saak wat aan die dader self behoort in omstandighede waarin die besitter 'n besondere reg op die saak het. Die oneerlikheidshandeling is geleë in die toe-eiening van die saak van 'n ander.

Bedrog is die wederregtelike en opsetlike verdraaiing van die waarheid wat daarop bereken is om nadeel vir 'n ander te veroorsaak (Snyman1986:551). Die oneerlikheidshandeling is geleë in die verdraaiing of wanvoorstelling van die waarheid.

Meineed is volgens Snyman (1986:388) die wederregtelike en opsetlike aflegging van 'n vals verklaring onder eed opgelê deur 'n persoon wat bevoeg is om die eed op te lê, welke verklaring in die loop van 'n regsproses afgelê word en ter sake tot 'n geskilpunt is. Die oneerlikheidshandeling in dié geval is die aflegging van 'n vals verklaring onder eed.

Vervalsing word gepleeg indien 'n persoon wederregtelik 'n dokument opstel met die opset om te bedrieg, en wat aanleiding gee tot werklike of potensiële nadeel vir iemand anders (Snyman 1986:560).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die oneerlikheidshandeling in die geval is die opstel van 'n valse dokument. By al vier genoemde misdade is dit duidelik dat hulle oneerlikheid as handeling in gemeen het en daarom saam gegroepeer kan word.

2.2.2. Seksuele misdade

Seksuele misdade is misdade wat gepleeg word deur die uitvoering van 'n seksuele daad. Verkragting, bloedskande, sodomie en bestaliteit kan in hierdie kategorie geplaas word.

Verkragting is volgens Snyman (1986:489) die wederregtelike en opsetlike gemeenskap met 'n vrou sonder haar toestemming. Die handeling bestaan uit die penetrasie van die vroulike geslagsorgaan deur die manlike orgaan.

Bloedskande is "die wederregtelike en opsetlike geslagsgemeenskap tussen 'n man en 'n vrou wat nie met mekaar mag trou nie, omdat hulle binne die grade van bloedverwantskap, aanverwantskap of verwantskap deur aanneming aan mekaar verwant is" (Snyman 1986:409). Die gemeenskap tussen die twee partye vorm die handeling in die misdaad.

Snyman (1986:415) verwys na **sodomie** as die wederregtelike en opsetlike geslagsgemeenskap tussen twee manspersone per anus. Die handeling bestaan uit die penetrasie van die passiewe party deur die aktiewe party.

Bestaliteit is volgens Snyman (1986:416) die wederregtelike en opsetlike geslagsgemeenskap tussen 'n mens en 'n dier. Die handeling lê in penetrasie. Vanweë die seksuele aard van die bespreekte misdade kan hulle groepeer word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.3. Geweldsmisdade

In die geval van geweldsmisdaad is die handeling wat verrig word een van geweld of dreigemente van geweld. Geweld vind plaas deur die fisiese toevoeging daarvan of net in die vorm van 'n dreigement. Misdade soos moord, roof, aanranding en openbare geweld is voorbeelde van geweldsmisdade.

Moord is volgens Snyman (1986:461) die wederregtelike en opsetlike veroorsaking van die dood van 'n ander mens. Die handeling bestaan uit die veroorsaking van die dood van 'n ander mens. Om dit te bewerkstellig moet in die meeste gevalle van geweld in een of ander vorm gebruik gemaak word.

Daar is ook bepaalde gevalle waar geweld nie altyd aanwesig is nie, soos waar 'n mens se dood veroorsaak word deur vergiftiging.

Roof behels die wederregtelike en opsetlike gewelddadige wegname van iemand anders se roerende saak (Snyman 1986:538). Die geweldshandeling is in toevoeging van geweld tot die liggaam van die ander persoon om die saak te bekom.

Aanranding is "die wederregtelike en opsetlike (a) regstreekse toevoeging van geweld aan die liggaam van 'n ander persoon of (b) dreigemente van onmiddellike persoonlike geweld aan 'n ander persoon onder omstandighede waarin die bedreigde beweeg word om te glo dat die persoon wat dreig die opset en die vermoë het om die dreigement uit te voer" (Snyman 1986:481).

Die geweldshandeling is dus eerstens die toevoeging van geweld aan die liggaam van iemand anders. Tweedens sonder fisiese kontak, maar slegs deur die dreigemente van geweld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Openbare geweld word gepleeg deur die "wederregtelike en opsetlike verrigting, tesame met 'n aantal persone, van 'n handeling of handelinge wat ernstige afmetings aannneem en wat bedoel is om die openbare rus en vrede op gewelddadige wyse te versteur of om inbreuk te maak op die regte van ander" (Snyman:1986:352). Die geweldshandeling is die ernstige versteuring van rus en vrede en moet ook ernstige afmetings aanneem. Die vlaag bomaanvalle in die Kaapse middestad die afgelope twee jaar dien as voorbeeld van openbare geweld.

Die navorser erken dat alle misdade nie binne die drie kategorieë val soos hierbo uiteengesit nie. Daar is ook misdade wat gemik is teen regspleging, soos minagting van die hof. Hierdie misdade kan moontlik in 'n kategorie van hul eie geplaas word. Hierdie tipes misdade is in die minderheid en het nie vir die doel van die studie enige verduideliking nodig nie.

Uit die handelingselement van die drie tipes misdade wat omskryf is blyk dit dat dit geregverdig is om so 'n indeling te maak. Vervolgens gaan daar aandag geskenk word aan ernstige geweldsmisdaad, die faktore wat aanleiding gee tot die pleging daarvan, asook die oogmerke van geweldsmisdaad en die tydperke van geweldspleging.

2.3. Ernstige geweldsmisdade

Die SAPD in die Wes-Kaap se skrywe *Restructuring of Serious Violent Crime Unit* gedateer 1998-06-02, verklaar die volgende misdade as ernstige geweldsmisdade: (Sien bylaag A).

- Roof met verswarende omstandighede van geld of waardevolle items in transito wat vervoer word in voertuie met gewapende personeel of spesiaal ontwerpte vervoermiddels en enige moord wat mag voortspruit uit die roof.
- Roof met verswarende omstandighede gepleeg by banke, finansiële instansies, poskantore en ander staatsinstansies, asook enige moord wat voortspruit uit die roof.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Roof van lone tydens die uitbetaling daarvan waar verswarende omstandighede aanwesig is, asook enige moord wat uit die roof voortspruit.
- Roof uitgevoer by enige besigheid wat nie voorafgaande persele insluit nie, waar skote afgevuur word en onskuldige persone getref word.
- Bendegeweld insluitende alle moorde, pogings tot moord, brandstigting, beskadiging van eiendom en intimidasie. Die brandstigting en opsetlike beskadiging van eiendom moet gepleeg word deur die gebruik van vuurwapens of 'n ploftoestel.
- Misdade gepleeg deur die PAGAD-groep wat soortgelyk is aan bendegeweld.
- Taxigeweld, geweld tussen opponerende taxigroeperinge wat oorvloei in geweld waarin onskuldige omstanders geraak word.
- Roof met verswarende omstandighede wat daarop gemik is om 'n voertuig of 'n vrag vanaf die regmatige besitter te neem insluitende enige moord wat uit die roof voortspruit.
- Moord op huisbewoners of hul werknemers wat voortspruit uit 'n inbraak op die perseel en waar die dader(s) onbekend is.
- Moord en poging tot moord op alle wetstoepassingsbeamptes.
- Moord op kinders onder die ouderdom van 16 jaar en bejaardes ouer as 65 jaar waar die dader(s) onbekend is.
- Alle ernstige moorde.

Die vraag wat by die navorser ontstaan is of alle moorde nie ernstig is nie.

Daar word klem geplaas op die tipe handeling wat verrig moet word voordat die geweld as ernstige geweld beskou word. Dié tipe misdaad hierbo genoem word as ernstige geweldsmisdaad verklaar, omdat dit die afgelope drie jaar sedert 1996 groot afmetinge op die Kaapse Vlakte aangeneem het. Daar bestaan 'n duidelike werksomskrywing vir die EGM - komponent, wat vir die ondersoek daarvan verantwoordelik is. Vir die doeleindes van die mandaat van die EGM - komponent kan die term "verswarende omstandighede" geag word die "gebruik van 'n vuurwapen".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Camerer et al (1998:61) meld dat die gebruik van vuurwapens tussen 1993 en 1997 verantwoordelik was vir 46,4% van alle moorde wat in die Kaapse Metropool gepleeg was en vir 44,1% van alle rowe wat gedurende daardie tydperk in die area gepleeg was. Adele Kirsten van *Gun Free SA* beweer dat in 1996 gemiddeld 28 mense per dag gesterf het in Suid-Afrika as gevolg van die gebruik van vuurwapens (Insig 1997:15). Misdade wat gepleeg word deur die gebruik van 'n vuurwapen is prioriteit in die SAPD soos die Prioriteit en Doelwitdokument vir 1998/99 bevestig.

2.3.1. Faktore wat aanleiding gee tot geweldsmisdaad

Daar bestaan bepaalde faktore wat aanleiding gee tot die pleging van geweldsmisdade. Die aanwesigheid van dié faktore kan bydra tot die pleging van die tipe misdaad. Hierdie faktore kan inherent by die individu of groep of in die omgewing aanwesig wees.

2.3.1.1. Sosiaal-maatskaplike faktore

Verskeie sosiaal-maatskaplike faktore gee aanleiding tot die pleeg van geweldsmisdaad. Van die faktore is onder andere persoonlike faktore, rolmodelle en groepsoptrede, en die gebrek aan 'n ondersteuningstelsels.

2.3.1.1.1. Persoonlike faktore

Bepaalde persoonlike faktore laat die dader voel dat iemand anders verantwoordelik is vir die feit dat hy/sy nie sy/haar doel bereik nie. Die dader probeer die teleurstelling met die gebruik van geweld regstel. "Violence is often the express of frustration and hostility at times generated by a profound dissatifaction with business of life" (Hancock & Sharp 1997:72).

Die dader kan ook uit provokasie optree, hy/sy voel dat 'n aanval of bedreiging in een of ander vorm teen hom of haar geloods word en die enigste manier om daarop te reageer is deur die aanwending van geweld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die dader se kulturele waardes kan van so 'n aard wees dat hy/sy van mening is dat konflik en probleme deur die aanwending van geweld opgelos kan word.

2.3.1.1.2. Rolmodelle en groepsoptrede

Rolmodelle en groepsoptrede is 'n bydraende faktor tot geweldsmisdaad. Die dader tree gewelddadig op deur die voorbeeld te volg wat deur sy/haar rolmodel gestel word, of in opdrag van 'n meerdere of leier.
Sommige individue neig daartoe om op 'n direkte of indirekte wyse ander persone aan te moedig om gewelddadig op te tree. Bornman, Van Eeden & Wentzel (1998:67) voer aan dat die bestaan van hoë groepkohesie gestimuleer kan word deur onder andere ritmiese bewegings soos *toi-toi* en sang. Dit gee aanleiding daartoe dat die adrenalien in persone verhoog en die gepaste atmosfeer vir geweld geskep word.

Persone wat in groepe optree, voel veilig omdat hulle glo dat dit moeilik is om hulle te identifiseer. Daarom tree hulle buitengewoon op en neem deel aan die pleging van geweldsmisdaad.

2.3.1.1.3. Ondersteuningstelsel

Die afwesigheid van die nodige ondersteuning deur die gesin van 'n persoon wat aan probleme en konflik blootgestel word, lei soms daartoe dat geweld as enigste oplossing vir probleme en konflik aanvaar word. Hancock & Sharp (1997:73) meld dat familiewaardes ten op sigte van geweld belangrik is vir die daarstelling van 'n "gesonde" samelewing. Binne die familie word die grondslag gelê vir selfrespek asook respek teenoor andere.

Verder ontbreek die nodige opvoeding by persone wat probeer om probleme en konflik te hanteer. Bepaalde gemeenskappe beskik nie oor die nodige infrastruktuur en kundigheid om hierdie opvoeding aan diesulkes te voorsien nie (Peterson & Krivo 2000).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Diskriminasie, waar daar bevoordeling van een persoon of groep bo 'n ander op grond van onregverdige oorwegings is, kan ook aanleiding gee tot die pleeg van geweldsmisdaad om die onreg reg te stel of om ontevredenheid daarmee te kenne te gee.

2.3.1.1.4. Tipe woonbuurte

Peterson & Krivo (2000) voer aan dat die tipe woonbuurt waarin persone woon ook aanleiding tot geweldpleging kan gee. Gemeenskappe met gebrekkige ontwikkeling beskik nie oor die vermoë om sosiale instellings en besighede na hul gemeenskappe te lok nie. Instellings soos banke, winkels , biblioteke en ontspanningsgeriewe verskaf stabiliteit aan 'n gemeenskap.

Hierdie gemeenskappe het nie altyd die magsbasis om die plaaslike regering en ontwikkelingsinstellings te dwing om in hulle behoeftes te voorsien nie. In die afwesigheid van genoemde instellings en besighede, word sjebeens opgerig wat as plaasvervanger vir die verskaffing van bepaalde dienste soos ontspanning en sosialisering dien. Hierdie swak omstandighede is gunstig vir die pleging van geweldsmisdaad. Die Kaapse Vlakte is bekend vir sy behuisingsnood met weinige infrastruktuur. Die behuising wat bestaan, is oor die algemeen van 'n lae standaard omdat dit hoofsaaklik sub-ekonomiese woongebiede is.

2.3.1.2. Ekonomiese faktore

Navorsing het bewys dat werkloosheid aanleiding gee tot die pleeg van misdaad, spesifiek tot geweldsmisdaad om te oorleef. Suid-Afrika met sy hoë werkloosheidsyfer volgens Makhatha en Potgieter (1998:13 -15) 23% vir laaggeskoolde werkers en 4% vir werkers waar vaardigheid en opleiding vereis word, het die potensiaal om hom te leen tot hierdie tipe misdaad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die gaping tussen rykes en armes word groter en dui op oneweredige verspreiding van inkomste en hulpbronne (Finansies en Tegniek 1999:20). Die eise tussen werkgewers en werknemers is nie altyd versoenbaar nie en kan aanleiding gee tot arbeidsvraagstukke.

2.3.1.3. Ander bydraende faktore

Buiten die sosiaal-maatskaplike en ekonomiese faktore is daar ander bydraende faktore, soos konflik in die algemene aard van verhoudings tussen persone, rasse en geslagte. Die herhaalde voorkoms van konflik en botsings bepaal die frekwensie van konflik. Hoe hoër die graad van konflik, hoe gunstiger die atmosfeer vir geweld.

'n Verdere bydraende faktor is die verhouding tussen die SAPD en die publiek. Die toenemende afkeur, wantroue, weerstand en afname in hulpverlening aan die SAPD deur die publiek verteenwoordig 'n diepliggende emosionele toestand wat geskik is vir geweld. Die geweld is nie noodwendig teen die SAPD as sodanig nie, maar dikwels teen die staatsbestel waarvan hulle die sigbare vorm is.

2.4. Oogmerke van geweldsmisdaad

Met die pleging van geweldsmisdaad het die dader bepaalde oogmerke. Hierdie oogmerke kan onder andere wraak en oorlewing, bevoordeling en ook aandagvestiging wees.

2.4.1. Wraak en oorlewing

Gewelddadige optrede word gepleeg uit weerwraak vir vorige optredes teen die dader en kom neer op vergelding. Verder word geweld geag as 'n manier te wees om konflik en probleme op te los, of die slagoffer hou een of ander bedreiging vir die dader in en die geweld is daarop gemik om die opposisie te vernietig (Van der Westhuizen 1982:99).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.4.2. Bevoordeling

Die hebsugtige drang van die dader dryf hom/haar om meer te besit as wat hy/sy tans besit en gee aanleiding tot die pleeg van geweldsmisdaad soos roof. Die slagoffer oefen wettiglik beheer uit oor 'n saak wat die dader wil bekom en die enigste manier om dit te bekom is deur die aanwending van fisiese geweld of dreigemente van geweld. Die dader kan ook deur die uitoefening van geweld persone intimideer. Sodoende dwing hy/sy ondersteuning af, omdat daar vrees by die slagoffer is vir herhaling van geweld of dreigemente. Onderdanigheid word ook hierdeur verseker (Van der Westhuizen 1982: 99).

2.4.3. Aandagvestiging

Geweldsdade het die neiging om die oogmerk van 'n organisasie of individu onder die aandag van die breë publiek te bring. Dit is in werklikheid nie die geweld as sodanig wat in die verband van die grootste belang is nie, maar wel die publisiteit wat daaraan gegee word. Min dinge is nuuswaardiger en beïnvloed die openbare mening meer as sensasionele beriggewing oor geweld. Die skepping van 'n klimaat van vrees, spanning, onrustigheid en die aftakeling van gesag is een van die vernaamste oogmerke van geweldsmisdaad, omdat dit 'n ontvanklike klimaat skep vir die pleging van dié tipe misdaad (Van der Westhuizen 1982: 69).

2.5. Tydperke van geweldpleging

In hierdie studie gaan daar tussen twee tydperke van geweldsmisdaad binne Suid - Afrika onderskei word, naamlik die tydperk toe geweldsmisdaad gemik was teen die staatsbestel en die tydperk wat dit gemik was teen mede-landsburgers. Vervolgens gaan daar aan die twee tydperke aandag geskenk word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.5.1. Tydperk vanaf 1960 tot 1994

Geweldsmisdaad binne Suid-Afrika is sedert 1960 oorheers deur twee vorme, naamlik dié wat gemik was teen die staatsbestel om die apartheidsregering om ver te werp en dié van die staat teen die persone wat hom teengegaan het. Voorvalle soos Sharpeville (21 Maart 1960) waar 'n vreedsame pasdemonstrasie gelei het tot die dood van 'n aantal mense, Soweto (16 Junie 1976) toe swart skoolkinders betoog het teen die onderwysstelsel vir swartmense en verskeie van hulle met hul lewens geboet het, Langa-Uitenhage (21 Maart1985) en Sebokeng (Mei 1990) om enkele gevalle te noem, herinner sterk aan beide tipes geweldsmisdade van die era. Meer spesifiek die deur die staat teen die wat hom teengestaan het.

Hierdie tipe geweldsmisdaad wat gemik was teen die staat het ook bekend gestaan as ideologiese geweldsmisdaad (Van der Westhuizen 1982:197) en het in die *struggle* gemanifesteer. Ideologiese geweld is nie 'n verskynsel wat eie aan 'n besondere staatsbestel is nie. Dit is 'n wêreldwye verskynsel ongeag die algemene beleid, vlak van ontwikkeling of bevolkingsamestelling van state. Nóg minder is dit 'n verskynsel wat eenmalig voorkom en deur suksesvolle onderdrukking permanent uitgeskakel kan word.

In Suid-Afrika was dit teen die apartheidbestel gemik deur miljoene inwoners wat daaronder gelei het, en aan die ander kant vir die behoud van apartheid deur die persone wat daardeur bevoordeel was. Optrede soos huur-en verbruikersboikotte, wegbly-aksies deur werkers, protesoptogte en massa-mobilisasies was aan die orde van die dag. Met die aankondiging van die noodtoestand in 1985 en 1986 het begrafnisse gedien as geleenthede om die massas te mobiliseer. Dit het soms gelei tot botsings met die veiligheidsmagte.

Die tipe geweldsmisdaad tussen die staat en die wat hom teengegaan het, het hoogty gevier tot ongeveer 1990 waarna 'n ander vorm van ideologiese misdaad na vore getree het, naamlik voorvalle tussen politieke partye.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die veiligheidsmagte was nie juis daarby betrokke nie. Dit het tot ongeveer 1994 met die aanbreek van die eerste demokratiese verkiesing geduur. In hierdie tydperk net voor die verkiesing het die ver-regses ook verskeie geweldsmisdade gepleeg om hul teenstand teen die verandering in die staat te toon. Die geweld was in die meeste gevalle in die vorm van bomontploffings. Dit het voortgeduur tot na die verkiesing, waarna dit afgeneem het.

2.5.2. Die huidige situasie vanaf 1994

Na die 1994 verkiesing het geweldsmisdaad teenoor die staat en dié tussen politieke partye afgeneem. Die teiken van geweld is verplaas na mede-landsburgers met geen of min politieke ondertone. Hierdie tipe geweldsmisdaad kan gemik wees teen die persoon se eiendom of dit kan 'n aanslag op die liggaam van die persoon wees.

Dit wat teen die persoon se eiendom gemik is kan misdade soos beskadiging van eiendom en inbraak insluit, terwyl dit wat gemik is teen die liggaam, misdade soos aanranding, moord en roof insluit. Hierdie misdade het gedurende hierdie tydperk aansienlik toegeneem en het plaaslik en internasionaal mediadekking gekry. Dit het ook 'n negatiewe uitwerking op die ekonomiese bedrywighede van die staat. Die vorige Kommissaris van die SAPD, George Fivaz, meld in Security Focus (April 2000: 34) dat hierdie tipe geweldspleging nog vir die volgende twintig jaar sal voortduur.

2.6. Redes vir die toename in die tipe geweldsmisdaad

Verskeie redes is aangevoer vir die toename in alle soorte misdaad. Van die redes is dat gemeenskappe wat in 'n politieke-oorgangsfase is 'n verhoging in misdaad ondervind. Spesifiek in die geval van Suid - Afrika waar daar groot politieke veranderings plaasgevind het, kan onsekerheid ten opsigte van die ekonomie, onderwys, politiek en godsdiens by landsburgers as rede aangevoer word vir die skerp verhoging in misdaad (Bornman, Van Eeden & Wentzel 1998: 46).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Verdere rede vir die kommer aangaande die toename in misdaad en spesifiek geweldsmisdaad is dat daar 'n persepsie bestaan dat die SAPD oneffektief is in die hantering daarvan. Die volgende moontlike redes word aangevoer vir die oneffektiwiteit, naamlik onderbefondsing, die verlies van kennis en vaardighede deur bedankings en die aanbieding van skeidingspakette, die tekort aan mensekrag, swak bestuur en die toepassing van regstellende aksie. Hierdie redes veroorsaak 'n afname in vrees by die misdadigers dat hulle gevang, suksesvol verhoor en gestraf gaan word (Focus Forum 1997: 11).

'n Moontlike verdere rede is die ooraanbod van vuuurwapens veral ongelisensieerdes wat in die hande van geweldsmisdadigers beland. Dan is daar ook die publiek se groeiende vrees vir misdaad wat tot gevolg het dat mense sekuriteitsmaatreëls soos die dra van vuurwapens op hulle persoon en alarmstelsels aan hulle motors aanbring, "verplig" as' t ware die misdadiger om meer geweld te gebruik (Focus Forum 1997:11).

Aspekte soos faktore wat aanleiding gee tot geweldsmisdaad, en redes vir die toename in geweldsmisdaad bemoeilik die speurders se taak om sulke misdade te ondersoek. Die speurders moet 'n grondige kennis van dié aspekte het om te verstaan hoe dit hulle werksaamhede beïnvloed. Deur middel van opleiding, wat vervolgens bespreek word, kan dié probleem aangespreek word.

2.7. Opleiding

Die navorser grond sy hipotese op die aanvaarding dat die speurders wat huidig ernstige geweldsmisdaad ondersoek, opgelei is in die ondersoek van algemene misdade, maar dat aanvullende gespesialiseerde opleiding nodig is vir die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad. Hierdie opleiding kan in verskillende vorme aan die speurders oorgedra word. In die beskrywing wat volg sal gelet word op verskillende opleidingstegnieke, die voordele van opleiding, beperkingsfaktore by opleiding en 'n opleidingsmodel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.7.1. Omskrywings van opleiding

William, Werther & Davis (1989:243) tref die volgende onderskeiding tussen opleiding en ontwikkeling deur aan te voer dat opleiding werknemers in staat stel om huidige werk te doen. Daarteenoor is ontwikkeling daarop gemik om 'n werknemer voor te berei vir toekomstige verantwoordelikhede met min klem op die huidige take.
(Sien ook Dale & Iles 1996:53-54)

Megginson, Joy - Matthews & Banfield (1993:19) maak die onderskeiding tussen opleiding en ontwikkeling deur opleiding te omskryf as 'n relatiewe sistematiese poging om kennis en vaardighede oor te dra vanaf 'n persoon wat daaroor beskik na 'n persoon wat nie daaroor beskik nie. Ontwikkeling is 'n langtermyn proses is wat daarop gemik om potensiaal en effektiwiteit te bevorder.

Genoemde skrywers is dit eens dat opleiding daarop gemik is om persone bekwaam te maak vir huidige take. Dit behels die oordra van kennis en vaardighede wat ten doel het om verandering teweeg te bring wat bepaalde voordele inhou. Dit het ook ten doel om 'n ewewig te skep tussen die vaardighede van persone en die verwagtinge van die organisasie.

2.7.2. Omgewingsfaktore en opleiding

Opleiding binne die openbare sektor kan genoodsaak word deur 'n verandering in die omgewing van die openbare bestuurder. Fox, Schwella & Wissink (1991:4) identifiseer die omgewing as volg. Algemene omgewingsfaktore is politiek, sosiaal, ekonomies, tegnologies en kultuur terwyl spesiale omgewingsfaktore voorsieners, kompeteerders, reguleerders en verbruikers is. 'n Verandering in een van die omgewings kan aanleiding gee daartoe dat daar bepaalde behoeftes soos aanpassing ontstaan, wat deur opleiding aangespreek kan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die geval van die SAPD het die politieke omgewing die afgelope tien jaar dramaties verander. Onder die vorige regering was daar van die SAPD verwag om onderdrukkende wetgewing in stand te hou, terwyl diegene wat destyds deur hulle vervolg was nou die leidende politieke groepering is. Bepaalde lede van die SAPD kon nie daardie oorskakeling hanteer nie en het die SAPD verlaat.

Wetgewing het ook drasties verander deurdat die staat vir die eerste keer 'n Handves van Menseregte gekry het. Altbeker (1998:48-49) meld dat speurders dit moeilik vind om aan te pas by die nuwe wetgewing ten op sigte van menseregte, omdat hulle daaraan gewoond was dat wetgewing deur die Parlement, beskerming aan hulle verleen. Die wetgewing insake vermoedens wat die bewyslas op 'n beskuldigde geplaas het as daar bepaalde verbode items binne 'n sekere afstand van hom/haar gevind is, dien as voorbeeld van daardie wetgewing wat die wetstoepassers beskerm het.

Die Konstitutionele Hof het nou die bevoegdheid om in optrede van die SAPD in te meng en is wetgewing soos hierbo genoem ongrondwetlik verklaar. Dit laat 'n gevoel van magteloosheid by SAPD lede wat nie opgelei is in die toepassing van die nuwe wetgewing nie. Die navorser se waarneming dui daarop dat die persepsie gevorm word dat misdadigers meer regte het as die toepassers van die wet. Deur opleiding kan die probleem oorkom word en lede toegerus word vir die uitvoering van hulle taak.

2.7.3. Voordele van opleiding

Opleiding hou verskeie voordele in vir beide die organisasie sowel as die personeel (William, Werther & Davis,1989:246).

2.7.3.1. Voordele vir die organisasie

Deur opleiding word die beleid van die organisasie uitgedra en vereenselwig die personeel hulle met die doelwitte vir dienslewering.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Gevoel van verantwoordelikheid ontwikkel teenoor die organisasie wat produktiwiteit, lojaliteit, motivering, moraal en vertroue van personeel verbeter.

Kennisuitbreiding en die inligting wat oorgedra word, stel die personeel in staat om interpersoonlike vermoëns te ontwikkel wat tot voordeel van die organisasie aangewend kan word. Die werksplek word meer positief ervaar namate kommunikasie verbeter.

2.7.3.2. Voordele vir die personeel

Opleiding moedig ontwikkeling aan en dit verbeter op sy beurt die personeel se selfvertoue, probleemoplossing -en kommunikasie vermoë. Dit dra ook by tot stres,-frustrasie- en konflikhantering. Motivering vir die aanleer van nuwe take stimuleer persoonlike groei en ontwikkeling. Erkenning en operasionalisering van personeel se prestasies verhoog ook hul moraal (Megginson Joy - Matthews & Banfield 1993:82). Dit is duidelik dat opleiding bepaalde voordele inhou vir sowel die organisasie as die personeel. Dit is egter die kliënte van die organisasie, in dié geval die gemeenskap wat deur die SAPD bedien word, wat die meeste voordeel daaruit behoort te trek. Dié voordeel van beter dienslewering kan verkry word deur die opleiding vir die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad.

2.7.4. Opleidingstegnieke

Opleiding moet aan die hand van bepaalde metodes of tegnieke aangebied word. Vervolgens gaan daar aan 'n aantal opleidingstegnieke aandag geskenk word. Daar bestaan 'n verskeidenheid opleidingstegnieke Rae (1995:23-24) sonder die volgende metodes uit:

- kursusse
- konferensies
- seminare
- werkswinkels

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.7.4.1. Kursusse

Kursusse kan in bepaalde gevalle verskillend van aard wees, deurdat die tydsduur kan wissel van een dag tot 'n aantal weke. Dit kan ook slegs vir 'n bepaalde groep, hiërargiese vlak of eenheid wees. Verder kan dit ook wissel van hoogs gestruktureerd tot totaal ongestruktureerd. Die atmosfeer kan formeel of informeel wees. 'n Opleidingsbeampte of fasiliteerder kan as aanbieder van die kursus optree of 'n konsultant of buite instansie. Dit is egter in die inhoud wat kursusse die meeste verskil. Die inhoud kan van die volgende aard wees naamlik lesings, gevallestudies, en gestruktureerde en ongestruktureerde aktiwiteite.

Lesings vind plaas deur toepaslike inligting en feite oor te dra. Boeke, artikels, uitstallings en toesprake kan gebruik word om feitlike inligting oor te dra.

Met **gevallestudies** word bepaalde probleemsituasies omskryf en aan die deelnemers beskikbaar gestel vir bespreking om moontlike oplossings daarvoor te vind. Die gevallestudie wat aan die deelnemers gegee word, moet op hul werksituasie van toepassing wees.

Gedurende gestruktureerde en ongestruktureerde aktiwiteite vind **kleingroepbesprekings** plaas. Dit bied aan die deelnemers die geleentheid om aktief binne groepsverband probleme op te los en insig te ontwikkel. Deur **rollespel** word kunsmatige situasies geskep waarin deelnemers bepaalde rolle vertolk en sodoende bepaalde vaardighede ontwikkel. Tydens **klinieksituasies** word werklike probleme wat in die werksituasie ondervind word, bespreek (Enright 1996:21-22).

Die tradisionele kursus is die opleidingsbeampte-gesentreerde benadering, waar die mikpunte en doelwitte deur die opleidingsbeampte bepaal word. Hy/sy beheer die metodes wat gebruik word ter bereiking van die doelwitte en mikpunte (Rae 1995:24).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.7.4.2. Konferensies

Konferensies bestaan gewoonlik uit 'n reeks lesings en word soms afgewissel met kleingroepbesprekings of werkswinkels. Leerders vind gewoonlik nie baat by die vorm van opleiding nie, omdat daar min of geen deelname van hulle kant is nie. Dit word gewoonlik aangebied vir persone van dieselfde beroep of met dieselfde belangstelling.

2.7.4.3. Seminare

Seminare is konferensies op 'n kleiner skaal en het 'n hoër mate van betrokkenheid deur die deelnemers. In teenstelling met 'n konferensie wat gewoonlik oor meer as een onderwerp handel, word hier slegs op een onderwerp gekonsentreer. Tydens 'n seminaar word lesings aangebied deur kundiges of spesiale sprekers oor 'n onderwerp. Die lesing word gevolg deur sindikaat-of kleingroepbesprekings waarna 'n terugvoeringsessie volg. Die terugvoeringsessies word gebruik om resultate van groepsbesprekings te evalueer en dien ook as vasleggingsmetode. Daar word ook soms na seminare verwys as simposiums (Rae 1995:24).

2.7.4.4. Werkswinkels

Werkswinkels is die een opleidingsmetode wat gewoonlik meer as "opleiding" deur deelnemers ervaar word omdat 'n hoë mate van praktiese deelname vereis word. 'n Werkswinkel kan 'n enkele onderwerp of 'n aantal verwante onderwerpe behandel. Wat werkswinkels van ander opleidingsmetodes onderskei, is dat daar gewoonlik geen kundige sprekers optree nie en min formele aanbiedings plaasvind (Rae1995:25).

Insette word slegs deur die fasiliteerder gelewer op versoek van die deelnemers of die deelnemers lewer self die insette. Die deelnemers bepaal meestal self hoe die werkswinkel gehou gaan word en watter doelwitte bereik wil word. Sien ook Sherman Bohlander & Snell (1998:234) wat bogenoemde metodes ondersteun.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar bestaan dus 'n wye reeks van keuses wanneer daar na opleiding gekyk word. Dit is belangrik dat die metode gekies word wat geskik is vir die oordra van die nodige kennis en vaardighede.

2.7.5. Beperkingsfaktore

Buiten bepaalde voordele wat opleiding inhou, is daar ook faktore wat opleiding bemoeilik en op die opleidingsproses inwerk. Hierdie faktore staan bekend as beperkingsfaktore. Die SAPD as organisasie het in 1992 na die samesmelting van elf polisie-agentskappe geherstruktureer. Die demografiese samestelling is as gevolg van die samesmelting kompleks en kan nadelig wees vir opleiding.

Dale (1993:82-85) verwys na psigiese en interne blokkeerders wat die opleidingsproses beïnvloed. Psigiese faktore sluit faktore soos spanning, tydsdruk, emosies en werksdruk in. Persone wat gedurig aan spanningsvolle situasies blootgestel word se konsentrasie mag verswak, wat uiteraard die opleidingsproses benadeel. Speurders is as gevolg van die voorvalle van geweld op die Kaapse Vlaktes gedurig aan spanningsvolle situasies blootgestel. Motivering en weerstand word as interne blokkeerders voorgehou. Indien daar waarde en betekenis in opleidingsprogramme is, sal persone gemotiveerd wees om daaraan deel te neem (McBeath 1992: 233).

Die program het waarde en betekenis indien dit interne of eksterne beloning vir die deelnemers inhou (Megginson, Joy - Matthews & Banfield 1993:82). Opleiding poog om een of ander verandering teweeg te bring wat vir die leerders vreemd mag wees. Die vrees vir verandering kan die opleidingsproses benadeel.

2.7.6. Opleidingsmodel

Uit die voorafgaande besprekings blyk dit dat opleiding 'n beplande proses is. Armstrong (1995:513-514) stem saam dat dit 'n beplande proses is en voer aan dat dit aan die hand van die volgende model gedoen kan word (figuur 2.1).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 2.1 Armstrong se Opleidingsmodel (Armstrong, 1995:514)

Die model kan soos volg ontleed word, naamlik :

- **Identifisering van opleidingsbehoeftes**

  Dit behels die analisering van die organisasie- ,span- en individuele behoeftes om te bepaal watter vaardighede en kennis benodig word om die bestaande diens uit te brei. Die analiseproses sluit probleme wat ondervind word asook toekomstige behoeftes in. Op hierdie stadium word 'n besluit geneem oor die omvang van die opleiding asook die mees koste-effektiewe wyse om die probleem op te los.

- **Omskryf die opleiding wat benodig word**

  Daar moet duidelik bepaal word watter vaardighede en kennis geleer, asook watter houdings verander moet word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- **Bepaal die doelwitte van die opleiding**

  Opleidingsdoelwitte word gestel, nie net om te bepaal wat geleer moet word nie, maar ook om te bepaal wat die verwagte vaardighede van die leerders na die opleiding behoort te wees.

- **Beplan die opleidingsprogram**

  Dit word gedoen om die behoeftes en doelwitte aan te spreek deur die regte keuse van opleidingstegnieke en terreine te maak. (Sien afdeling 2.7.4.)

- **Kies aanbieder vir die opleidingsprogram**

  'n Besluit moet geneem word of die opleiding deur die organisasie self of deur 'n buite-instansie aangebied sal word. Dit sal beteken dat die SAPD saam aan 'n kursus met die buite aanbieders of konsultante beplan. (Sien afdeling 2.7.4.1). Ook moet die verantwoordelikheid tussen die opleidingsdepartement, die bestuurders en die individue bepaal word.

- **Implementering van opleiding**

  Die mees gepaste metode van opleiding wat die leerders in staat stel om die nodige vaardighede, kennis en houdings wat benodig word aan te leer word ge-ïmplementeer.

- **Evaluering van opleiding**

  Die bepaling van watter doelwitte bereik is.

- **Verandering en uitbreiding van opleiding soos benodig**

  Na die evaluering gedoen is, moet herbeplan word vir die verbetering van oorblywende opleidingsbehoeftes. Vir die navorser dui dit daarop dat opleiding 'n deurlopende proses is en deurgaans in 'n organisasie behoort plaas te vind.

Hierdie model kan met vrug binne die SAPD aangewend word, aangesien dit geskik is vir indiensopleiding sowel as formele opleidingsessies.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.8 Samevatting

Misdaad kan in drie hoofgroepe verdeel word naamlik, oneerlikheidsmisdade, seksuele misdade en geweldsmisdade. Geweldsmisdaad vir hierdie studie van belang. Binne geweldsmisdaad is daar nog misdade wat as ernstige geweldsmisdaad geklassifiseer kan word.

Dit sluit roof met verswarende omstandighede, moorde op kinders en bejaardes, taxi- en bende-geweld in. Verskeie faktore soos sosiaal-maatskaplike, ekonomiese faktore en konflik in die algemeen gee aanleiding tot geweldpleging. Van die oogmerke van geweld kan bevoordeling, wraak en oorlewing en aandagvestiging wees.

Daar bestaan verskillende opleidingstegnieke, onder andere kursusse, lesings, gevallestudies en konferensies. Opleiding bied voordele vir beide die organisasie en die personeel, maar het ook bepaalde beperkingsfaktore soos spanning en werksdruk. In die volgende hoofstuk word aandag bestee aan die verantwoordelikheid van die SAPD. Spesifiek word die funksie van misdaadondersoek omskryf en ontleed.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

Verantwoordelikheid van die SAPD : 'n Praktiese perspektief

3.0 Inleiding

In die voorafgaande hoofstuk is aandag geskenk aan onder andere ernstige geweldsmisdaad, asook die oogmerke van geweldsmisdaad en opleiding. Vervolgens sal daar gelet word op die verantwoordelikheid van die SAPD, misdaadondersoek word omskryf en aandag sal geskenk word aan die optrede op die misdaadtoneel. Die werwing en opleiding van speurders sal ondersoek word.

Die **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996** (Wet 108 van 1996) bepaal dat die verantwoordelikheid om met alle misdaad te handel by die SAPD rus. Die **Wet op die Suid - Afrikaanse Polisiediens 1995** (Wet 68 van 1995) bepaal dat dit die plig van die SAPD is om die veiligheid en sekuriteit van alle persone en eiendom in die nasionale grondgebied te verseker. Dit is ook die missie van die SAPD om 'n veilige omgewing vir alle landsburgers daar te stel.

Hierdie plig kan verdeel word in proaktiewe en reaktiewe polisiëring. Proaktiewe polisiëring is daarop gemik om die pleging van misdaad te voorkom, ook bekend as die misdaadvoorkomingkomponent. Dit sluit aksies soos patrollies, bewusmakingsveldtogte en buurtwagstelsels in, wat daarop gemik is om misdaad te voorkom.

Reaktiewe polisiëring daarteenoor, is alle aksies wat geloods word na die pleging van 'n misdaad. Dit sluit in die bywoning van die klagte, die afneem, die ondersoek asook die hofverwerking daarvan. Vir die doeleindes van die studie sal daar aandag geskenk word aan die ondersoek van misdaad as verantwoordelikheid van die SAPD.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.1. Omskrywing van misdaadondersoek

Marais (1992:1) omskryf misdaadondersoek as die wettige opsporing van mense en voorwerpe wat direk of indirek tot die rekonstruksie van 'n misdaadsituasie kan bydra en inligting oor die persone wat daarby betrokke is, kan verstrek.

Die SAPD se *Structuring of the South African Police Service at Station level-document* (1996-06-04) omskryf misdaadondersoek as volg, "crime investigation can, in general be described as the systematic search for the truth. The searching for, gathering, preparing and providing evidence for court proceedings".

Uit beide die omskrywings is dit duidelik dat dit hier om die ontbloting van die waarheid gaan. Dit blyk ook dat 'n sisteembenadering gevolg word deurdat insette in die vorm van inligting vanaf mense en voorwerpe verkry en verwerk word en daarna as getuienis in 'n hof aangebied word.

Volgens die SAPD se Prioriteit en Doelwitdokument vir 1998/99, uitgegee in Oktober 1998, is die ondersoek van misdaad 'n prioriteit. Aandag sal geskenk word om die vermoëns van die ondersoekers van misdaad uit te brei deur opleiding in algemene ondersoek, spesiale ondersoek en intelligensievaardighede.

Volgens die **Witskrif op Veiligheid en Sekuriteit 1998** waar die SAPD se prioriteite vir die volgende vyf jaar aangedui word, geniet die ondersoek van misdaad prioriteit. Daar word voorsiening gemaak vir intervensies om die ondersoek van misdaad te verbeter. Onder andere word daar voorsiening gemaak vir die uitbreiding van die ledetal van speurdienste om 'n meer effektiewe en doeltreffende diens te lewer. Daar word ook voorsiening gemaak vir die opleiding van lede van speurdienste. Die speurakademie te Silverton is spesiaal in die lewe geroep om gespesialiseerde opleiding daar te stel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Witskrif gee erkenning aan die instelling van spesiale ondersoekeenhede soos die EGM - komponent vir die ondersoek van komplekse misdade bestaande uit lede met gevorderde vaardighede, tegnieke, ondervinding en kennis. Die stigting van sulke gespesialiseerde eenhede moet op grond van die ernstigheid van die misdaad wat gepleeg word gebaseer wees.

Die graad van ernstigheid word bepaal deur:

- Die effek daarvan op die sosio-ekonomiese ontwikkeling.
- Die mate van publieke bekommernis.
- Voorkomssyfer.
- Die geografiese gebied.

Volgens die Witskrif sal oorweeg word om ander staatsdepartemente by die ondersoek van misdaad te betrek, soos byvoorbeeld dat die ondersoek van voertuigbotsings deur plaaslike regerings gedoen word.

Die klem wat die owerheid op die ondersoek van misdaad plaas dui daarop dat alle misdade nie deur misdaadvoorkoming aangespreek kan word nie en dat die ondersoek van misdaad net so 'n belangrike rol soos die voorkoming daarvan speel. Die suksesvolle ondersoek van misdaad op sigself vertolk ook 'n voorkomingsrol in die sin dat indien 'n ondersoek suksesvol uitgevoer word, misdadigers sodoende gevangenisstraf opgelê word, en die geleentheid ontneem word om vir 'n tydperk of ooit weer misdaad te pleeg.

3.2. Die misdaadtoneel

Volgens die vroeëre omskrywing van die ondersoek van misdaad is 'n speurder verantwoordelik vir die opsporing, versameling en beskerming van getuienis om dit in 'n hof aan te bied. Daarom is die misdaadtoneel die belangrikste plek vir die opsporing en versameling van die getuienis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens Mckenzie (1996:9) bepaal die Locard-beginsel, wat vernoem is na die Fransman Edmund Locard, dat elke kontak in die algemeen 'n spoor los. In die ondersoek van misdaad beteken dit dat alle kriminele gewoonlik onbewustelik iets saam met hom of haar na die misdaadtoneel mag neem en ook terselfdertyd iets op die misdaadtoneel mag agterlaat.

In die geval waar 'n persoon deur 'n voertuig gestamp word, bestaan die moontlikheid dat daar van die voertuig se verf van die bakwerk of dele van die voertuig soos die lens aan die persoon se klere kan vassit. Die persoon se klere , vel of liggaamsvloeistof kan ook moontlik op die voertuig wees.

Dit is nie altyd moontlik om aan die hand van gewone ondersoekmetodes hierdie leidrade op te spoor nie. Ander opleiding of hulpmiddels is nodig om dit op te spoor. Van diesulke hulpmiddels is forensiese wetenskap en ballistiese ondersoeke. Die twee aspekte word vervolgens bespreek.

3.2.1. Forensiese wetenskap

Mckenzie (1996:5) meld dat forensies afgelei is van die Latynse woord "forensis" wat beteken "gee die geleentheid om te debateer". 'n Omskrywing vir die forensiese wetenskap is dat dit wetenskaplike aktiwiteite is wat getuienis oplewer wat in 'n hof aangebied kan word. Die forensiese wetenskap is ook die ondersoek en ontwikkeling van tegnieke, toetse en inligting-insamelingstrategieë wat speurders help in hul ondersoek van misdaad.

3.2.1.1. Ballistiek

Een van die tegnieke wat uit die forensiese wetenskap ontwikkel is, is ballistiese ondersoeke. Marais (1992:159) meld dat ballistiek betrekking het op die wetenskaplike bestudering van vuurwapens en missiele. Dit behels die bestudering van meganismes van vuurwapens, die konstruksie van patrone, die beweging wat dit voortbring, die vlugbaan van die patroon en die uitwerking daarvan op die trefpunt.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Fisher (1993:272) stem nie saam met die verklaring nie en voer aan dat ballisitiek net verwys na die trajek van die projektiel van 'n patroon terwyl die verdere prosesse soos die werking en meganismes van vuurwapens as vuurwapen-identifikasie bekend staan.

Vir die doeleindes van die studie sal daar na die proses as ballistiek verwys word soos deur Marais (1992:159) omskryf. Elke vuurwapen het as gevolg van die vervaardigingsproses unieke eienskappe wat tydens die vuurproses op die doppie van die koeël oorgedra word.

Met ballistiese ondersoek kan die volgende bepaal word:

- Tipe, kaliber en fabrikaat van die betrokke vuurwapen.
- Die persoon wat die vuurwapen afgevuur het.
- Die rigting vanwaar die skoot afgevuur is.
- Die afstand tussen die vuurwapen en die slagoffer.
- Die werkende toestand al dan nie van die vuurwapen.
- Die tyd waarop die vuurwapen afgevuur is.

Dit is dus van belang dat ondersoekers van misdaad waar vuurwapens betrokke is, grondige kennis aangaande ballistiese ondersoeke het.

3.2.2. Optrede op die misdaadtoneel

Daar bestaan geen reëls of bepaalde voorskrifte oor hoe daar op 'n misdaadtoneel opgetree moet word om die nodige getuienis, hetsy fisies of skriftelik, te versamel nie. 'n Speurder moet so 'n besluit baseer op unieke feite van 'n spesifieke geval en gebruik maak van funksionele kundigheid, ervaring en gesonde verstand.

Die aard van die misdaad sal 'n ondersoeker in die meeste gevalle lei, of sal aanduidend wees waarna daar op die misdaadtoneel gesoek behoort te word. Versigtige optrede moet aan die dag gelê word en daar moet gewaak word teen die versteuring of vernietiging van enige fisiese getuienis wat daar mag bestaan. Die toneel moet in sy geheel besigtig word en aantekeninge gemaak word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die aantekeninge moet aangedui word presies waar en hoe getuienis gevind is. Die aantekeninge dien as rekord van alle gevonde getuienis. Hierdie notas word die permanente rekord met betrekking tot die fynere besonderhede van die ondersoek. Dus behoort dit korrek, volledig en leesbaar te wees.

Sommige jong en onervare ondersoekers voel in die vroeë stadium van hul loopbaan ongemaklik om in die openbaar notas te maak en krap gewoonlik net 'n aantal feite op 'n los nota neer wat later in 'n onvolledige verslag opgeneem word (Marais en Van Rooyen 1990 :37). Dit lei tot frustrasie indien so 'n ondersoek op 'n latere stadium aan 'n ander ondersoeker oorhandig word en daar slegs onsamehangende notas beskikbaar is.

Om die inligting wat deur middel van notulering bekom is te bevestig, kan daar van fotografie en videoverfilming gebruik gemaak word om die getuienis visueel te dokumenteer. Die ondersoeker moet verseker dat geen getuienis verskuif of versteur word alvorens dit in die oorspronklike posisie gefotografeer of op videoband vasgelê is nie. Dit bied 'n permanente rekord van die getuienis indien hantering dit kan verander of vernietig.

Dit bied ook 'n geleentheid aan die speurder om die getuienis van die saak te inspekteer en te evalueer sonder om die voorwerp self fisies aan te raak. Verder bied dit ook die geleentheid vir die hofbeamptes soos die staatsaanklaer en die landdros om getuienis wat te gevaarlik is of om een of ander rede te onprakties is om aan die hof voor te lê, te ondersoek.

Marais (1992:12) meld dat elke speurder wat sy taak ernstig opneem die volgende toerusting in 'n gereedskapskis in sy amptelike voertuig behoort te hê, ten einde getuienis op 'n misdaadtoneel te versamel.

- 'n Betroubare flitslig.
- Geskikte skryfpapier en 'n notaboek.
- Pen, potlode, kryt en waskryt.
- 'n Vergrootglas en 'n handspieël.
- Rubberhandskoene, 'n verlostang, 'n haartang en 'n skêr.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- 'n Staalmaatband en 'n liniaal.
- Genoeg houers vir die verpakking en vervoer van fisiese getuienis.
- Toedraaipapier, seëlwas, tou, lyn, etikette en rubberrekkies.

Die aanbieding van die getuienis wat versamel is deur die ondersoeker in die hof dien as die toets om te bepaal hoe volledig en effektief die ondersoek gedoen is. Moontlike gebreke sal ook aan die lig gebring word, wat aanleiding kan gee dat sake teruggetrek word teen beskuldigde/(s) of dat sulke beskuldigdes vrygespreek word.

Voordat die ondersoeker enige getuienis aan die hof lewer moet daar 'n goeie verhouding wees tussen hom/haar en die staatsaanklaer wat die saak aan die hof gaan voorlê, aangesien dit sý/haar werk is wat die staatsaanklaer in die hof gaan aanbied. Dit bied ook die geleentheid om probleme te bespreek, advies te gee en kennis uit te ruil. Die verhoor sal op die bekwaamheid en geloofwaardigheid van die ondersoeker dui.

3.2.3. Ernstige geweldsmisdaadtonele

Die uniformlede van die SAPD is gewoonlik eerste op die misdaadtoneel omdat voorvalle normaalweg direk aan hulle rapporteer word. In die geval van 'n minder ernstige misdaad neem die genoemde lid 'n verklaring van die slagoffer en oorhandig dit dan later aan die plaaslike speurhoof wie se verantwoordelikheid dit is om dit aan 'n speurder toe te deel vir die ondersoek daarvan. Dit word nie van die speurder verwag om die toneel onmiddellik te besoek nie, omdat daar geen noemenswaardige getuienis verlore sal gaan nie.

In die geval van 'n ernstige geweldsmisdaad waar die kundigheid van 'n speurder op die toneel verlang word, stel die betrokke uniformlid die speurder aan diens in kennis van die voorval, wie se verantwoordelikheid dit is om die misdaadtoneel onmiddellik te besoek en die leiding daar te neem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Waar dit vir die betrokke speurder duidelik is dat gespesialiseerde kennis benodig word vir die ondersoek van die misdaad en die misdaad binne die mandaat van die EGM - komponent val, stel hy/sy die bystandspeurder van die EGM - komponent in kennis.

Dit is die plig van laasgenoemde speurder om onmiddellik die toneel van die misdaad te besoek en hom/haar te vergewis van die omstandighede. Nadat die speurder van die EGM - komponent 'n opsomming van die misdaadtoneel gemaak het, oefen hy/sy 'n ongekwalifiseerde opsie uit deur te besluit of die ondersoek deur die EGM - komponent hanteer gaan word of nie.

Alhoewel die EGM - komponent aan die hand van 'n mandaat werk, word daar steeds voorsiening gemaak dat hulle die ongekwalifiseerde opsie kan uitoefen. Hierdie ongekwalifiseerde opsie het sy ontstaan daarin dat die mandaat wyd geskryf en ook terminologies vaag is. Dit laat ruimte vir die subjektiewe vertolking deur lede verbonde aan die EGM - komponent.

So word die term "bende" nie omskryf in die mandaat nie, wat tot gevolg kan hê dat waar 'n misdaad deur 'n bende gepleeg word, dit aan die vertolking van die lid van EGM - komponent oorgelaat word of die voorval bende-verwant is al dan nie. Daar is geen spesifieke raamwerk wat bepaal dat dit bende-verwant is nie. Dit geld ook vir punt 12 in die mandaat (Bylaag A) wat melding maak van "alle ernstige moorde". Die oordeel om te bepaal of die moord ernstig is al dan nie berus by die lid van die EGM - komponent op die toneel van die misdaad.

In die geval waar so 'n speurder besluit om nie die ondersoek waar te neem nie, laat dit geen ander keuse aan die plaaslike speurder as om die ondersoek self te behartig nie. Hierdie situasie gee aanleiding daartoe dat die lid van die plaaslike speurdiens en die lid verbonde aan die EGM - komponent op die misdaadtoneel toutrek oor wie vir die ondersoek verantwoordelik is. Die plaaslike speurder is verantwoordelik vir die ondersoek van alle misdade gepleeg in sy/haar bedieningsgebied terwyl die lid van die EGM - koponent vir misdaad omskryf in die betrokke mandaat verantwoordelik is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit plaas 'n verpligting op die lid van die plaaslike speurdiens om die ondersoek waar te neem alhoewel die omskrywing binne die mandaat val. Die feit of die genoemde lid vir die ondersoek van die betrokke misdaad opgelei is al dan nie, is nie ter sprake nie.

3.3. Inligtinginwinning

Dit is ondenkbaar dat 'n speurder enige sukses kan hê in sy/haar ondersoek sonder dat daar inligting in een of ander vorm aan hom/haar beskikbaar gestel is. Hierdie inligting word normaalweg vanaf lede van die publiek of vanaf die misdaadtoneel verkry. Inligting afkomstig vanaf die publiek is normaalweg ooggetuienis en die vanaf die misdaadtoneel fisiese getuienis. Marais (1992:6) meld dat fisiese getuienis werklike getuienis, wat waarneembaar en herkenbaar as of 'n vloeistof, objek, afdruk of voorwerp is.

Die inligting handel oor wie die misdaad gepleeg het asook die wyse waarop dit gepleeg is. Bayley (1994:8) verklaar dat in misdade waar daar nie inligting beskikbaar is oor wie die misdaad gepleeg het nie, die kanse 10% is dat die misdaad opgelos sal word. Hy meld verder dat die SAPD op hul eie sonder inligting hulpeloos is om misdade te ondersoek ongeag al die hulpbronne wat hulle aan misdaadondersoek toeken.

Persone wat normaalweg inligting aan die SAPD verskaf staan bekend as beriggewers. Volgens Marais & Van Rooyen (1990:134-135) kan daar onderskei word tussen twee tipes beriggewers naamlik, vrywillige beriggewers en betaalde beriggewers. Vrywillige beriggewers verskaf inligting aan die SAPD sonder om enige vergoeding daarvoor te verlang en doen dit uit dankbaarheid teenoor die SAPD of omdat hulle dit as 'n landsburger se plig en verantwoordelikheid ag om die inligting aan die SAPD te verstrek. 'n Ander beweegrede is dat 'n gerehabiliteerde misdadiger dit verskaf om sy gewete skoon te kry.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daarteenoor is betaalde beriggewers se enigste motief met die verskaffing van inligting om finansieel daarvoor vergoed te word. Betaalde beriggewers kom van alle vlakke van die samelewing, maar dit is gewoonlik persone met kriminele rekords of persone wat noue kontak met die misdaadwêreld het. Daar moet eers 'n vertrouensverhouding tussen 'n ondersoeker van misdaad en die potensiële betaalde beriggewer opgebou word voordat hy/sy as sulks gewerf kan word.

Daar bestaan 'n aantal tegnieke soos die skuldgevoel - tegniek, waar die gevoel van geliefdes van kriminele gebruik word om hom/haar te oorrreed om inligting te verstrek waarop 'n speurder kan steun om potensiële beriggewers te werf. Hierdie tegnieke kan deur middel van opleiding aan speurders oorgedra kan word.

Dit is ook belangrik dat die persone wat by die hantering van geweldsmisdaad betrokke is, en in die geval spesifiek die speurders wat met die ondersoek daarvan belas is, oor spesifieke vaardighede beskik om inligting in te samel. Hierdie vaardighede kan in die vorm van opleiding aan die speurders oorgedra word.

3.4. Werwing en opleiding

Om 'n speurder te wees soos in die populêre media uitgebeeld, is die droom van menige jongeling wat by die SAPD aansluit. Net die feit dat die speurdiens as die elite van die SAPD voorgehou word, is genoeg om daardie droom nog meer fassinerend te maak. Nie alle lede wat graag hul loopbaan in die speurdiens wil voortsit beskik oor die temperament om misdaad ondersoek te doen nie en dié wat uiteindelik as lede van die speurdiens aanvaar word, kom gou agter dat daar 'n groot verskil tussen fantasie en die harde werklikheid is.

Die werklikheid het te doen met talle onopgeloste ondersoeke en steeds instromende nuwe gevalle vir ondersoek. Die speurder se hooffunksie is om gespesialiseerde ondersteuning in die vorm van die ondersoek van misdaad aan sy uniformkollegas te verleen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uniformlede is oor die algemeen die eerste lede van die SAPD om 'n misdaadtoneel by te woon. Dit is dus aanvaarbaar dat speurders vanaf die uniform-eenheid gewerf word, omdat hulle op hoogte is met die soort ondersteuning wat daar verwag word.

So 'n stelsel waar speurders vanaf die uniform - afdeling gewerf word, bied genoeg geleentheid aan die persone wat die werwing doen om die potensiaal van die kandidaat te beoordeel voordat hulle aan duur opleiding onderwerp word. Potensiële kandidate vir die speurdiens identifiseer eerstens hulself deur hul persoonlikheid en die wyse waarop hulle hulle werk uitvoer. Eienskappe soos selfvertroue, selfversekerdheid, hoë mate van nuuskierigheid, wilskrag om 'n punt te bewys en intelligensie tel sterk in sulke kandidate se guns (Cole 1996:44).

Die keuring van die kandidate begin deur hulle op 'n proefbasis na die speurdiens oor te plaas, waar so 'n kandidaat saam met 'n ervare speurder werk en indiensopleiding ontvang. Gedurende hierdie tydperk word slegs misdade wat geringe ondersoek verg aan die kandidaat vir ondersoek oorhandig en word daardie saakdossiere op 'n gereelde grondslag deur sy/haar toesighouer nagesien waartydens daar leidende opdragte gegee word *(Structuring of the South African Police at Station Level 1996 - 06-04).* Dit bied 'n geleentheid vir die lid en organisasie om 'n waardebepaling te maak.

Sommige kandidate verloor belangstelling in die tydperk terwyl ander nie die mas opkom nie en word dan sonder enige stigma teruggeplaas binne die uniformpersoneel. Nadat so 'n kandidaat 'n tydperk van ses maande diens by die speurdiens voltooi het en voldoende vordering en potensiaal toon, word hy/sy aan 'n speurderskursus van vyf weke onderwerp.

Die speurderskursus bestaan uit die volgende vakke:

- Misdaadtoneelbestuur
- Wenke vir die ondersoek van spesifieke misdade
- Dossieradministrasie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Geregtelike doodsondersoeke
- Dossiere
- Onderhoudsvoering
- Opsporingstegnieke
- Vermiste persone
- Beriggewinghantering
- Hofbywoning
- Bewysreg
- Ondervraging
- Uitkenningsparades
- Borgopponering

Aangesien die kursus slegs vyf weke duur, kan alle vakke nie in detail aangebied word nie en in sommige gevalle word geen praktiese oefeninge gedoen nie. Nadat die lid die speurderskursus suksesvol voltooi het, word so 'n lid 'n volwaardige speurder geag. Hiervandaan word daar van so 'n speurder verwag om verskeie misdade te ondersoek. 'n Opgeleide speurder behoort altyd entoesiasties te wees oor sy/haar werk, goeie waarnemingsvaardighede te hê en met selfvertroue op alle vlakke van die samelewing goed te kan kommunikeer.

Die speurder se werksaamhede word in privaat drag verrig en dit ontneem hom/haar van die sielkundige beskerming wat 'n uniform aan hom/haar sou bied. Daar word ook van 'n speurder verwag om lang ure te werk. Dit moet hy/sy soms alleen kan doen en steeds met integriteit optree, maar enige oomblik kan daar ook van hom/haar verwag word om in groot ondersoeke as deel van 'n span op te tree.

Die speurderskursus is die enigste verpligte opleiding om 'n speurder te word *(Structuring of the South African Police at Station Level 1996 - 06-04)*. Alhoewel die SAPD verskeie ander kursusse soos forensiese wetenskap, ballistiek en beriggewerhantering aanbied, is dit nie verpligtend vir speurders om dit te deurloop nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die onus rus op die betrokke lid om hom/haar beskikbaar te stel vir die kursus. Dit het tot gevolg dat weinig lede van die speurdiens om verskeie redes soos werksdruk en moontlik die gebrek aan belangstelling hulself beskikbaar stel vir die kursusse.

Wanneer lede verbonde aan plaaslike speureenhede bogemiddeld in die ondersoek van algemene misdaad vaar, word so 'n lid gewerf vir gespesialiseerde ondersoekeenhede, onder andere die EGM - komponent. Dit is dus die "room" van die speurdiens wat aan die gespesialiseerde eenhede verbonde is. Nadat so 'n lid vir die EGM - komponent of enige ander gespesialiseerde eenheid gewerf is, word hy/sy onderwerp aan gespesialiseerde opleiding wat aangebeid word deur die Speurakademie te Silverton.

Daar word ook gereeld werkswinkels en seminare deur spesiaal opgeleide dosente aangebied om die EGM - komonent se speurders van die nuutste ondersoekmetodes op hoogte te hou. Hierdie gespesialiseerde opleiding gee 'n voorsprong aan die lid verbonde aan die EGM - komponent.

'n Dilemma wat die gespesialiseerde eenhede soos die EGM - komponent in die gesig staar is dat nadat hulle die lede opgelei het, sulke lede deur die privaat sektor weggelok word. In Suid-Afrika het daar al baie privaat ondersoekagentskappe verrys wat kundiges uit die SAPD weggelok het. Dit word bevestig deur die berig in Rapport 23 Januarie 2000 (Bylaag D). Dit het tot gevolg dat die SAPD 'n mensekragtekort het om die gespesialiseerde dienste te lewer.

3.5. Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar aandag gegee aan die verantwoordelikheid van die SAPD, onder andere, die ondersoek van misdaad. Uit verskeie oorde binne die SAPD word pogings aangewend om die vaardighede van ondersoekers uit te brei. Dit blyk dat die toneel van misdaad die vertrekpunt vir enige ondersoek behoort te wees. 'n Speurder moet weet hoe om op die misdaadtoneel op te tree om nie enige bestaande getuienis te versteur of vernietig nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tegnieke soos forensiese wetenskap en ballistiek kan met vrug op die toneel aangewend word om behulpsaam te wees met die opsporing van moontlike getuienis.

Speurders word normaalweg uit die uniformafdeling gewerf, omdat hulle bewus is wat van speurders verwag word. Die kandidate deurloop 'n proeftydperk by die plaaslike speurdiens en indien so 'n kandidaat voldoende vordering toon, word hy/sy aan 'n speurderskursus onderwerp, waarna so 'n lid as 'n volwaardige speurder geag word. Die plaaslike speurdiens dien op sy beurt weer as voedingsbron vir gespesialiseerde ondersoekeenhede soos die EGM - komponent.

Huidiglik behartig plaaslike speurders die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad terwyl hulle net opgelei is in die ondersoek van algemene misdaad. Lede van die EGM - komponent daarteenoor is opgelei vir die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad. As gevolg van verskeie redes byvoorbeeld die tekort aan personeel word die ondersoek nie deur dié komponent behartig nie. Vervolgens gaan daar in die volgende hoofstuk ondersoek ingestel word na die stand van opleiding onder plaaslike speurders. Hierdie inligting gaan aan die hand van 'n 'n vraelys wat onder die betrokke speurders versprei is, bekom word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 4

Data-analise

4.0 Inleiding

In hoofstuk twee en drie is daar aandag geskenk aan verskillende aspekte soos tipes misdaad, opleiding en die verantwoordelikheid van die SAPD. In hierdie hoofstuk sal inligting deur middel van vraelyste en statistiek ingesamel weergee word. Vraelyste is onder sewentien speurders verbonde aan SAPD Ravensmead Speurdiens versprei (Sien afdeling 1.6.1.) en ontleed onder die volgende temas: opleiding, betrokkenheid van die gemeenskap, hulpmiddels en kennis aangaande die EGM - komponent. Vrae oor die ander aspekte behalwe opleiding word slegs gestel om vas te stel of dit ook 'n nadelige invloed op die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad het en nie om in hierdie werkstuk oplossing daarvoor te probeer vind nie. Statistiek vir die misdade moord en poging tot moord met 'n vuurwapen is uit die MAS-stelsel van die SAPD bekom. Hierdie statistiek sal geïnterpreteer word.

4.1. Vraelyste

'n Vraelys is opgestel en onder al sewentien speurders versprei. Op 'n 80% van die vraelyste het slegs vyftien van die speurders reageer. Een van die twee lede wat nie op al die vrae reageer het nie, was ten tye van die voltooiing slegs twee weke aan die eenheid verbonde en kan dus nie geldige reaksie op al die vrae lewer nie. Dit is onbekend waarom die ander lid nie op die vrae reageer het nie. Waar die twee lede nie reageer het nie, sal daar net na die ander vyftien se antwoorde verwys word. Die 15 respondente het dit volledig gedoen.

4.1.1. Opleiding

Die volgende aspekte is ingesluit onder opleiding naamlik speurderskursus, forensies, inligting inwinning, gemeeskapspolisieëring, menseregte en die grondwet. Die aspekte word vervolgens bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.1.1.1. Speurderskursus

Uit figuur 4.1 kan gemerk word dat 82,4% (14) van die respondente 'n speurderskursus deurloop het, twee het nog nie die kursus deurloop nie. 'n Verdere ontleding dui daarop dat tien van die respondente hulle kursusse na 1994 deurloop het. Die ander vier is voor 1994 opgelei.

Dat daar so baie lede 'n speurderskursus voltooi het, kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat die kursus verpligtend is, voordat 'n lid as 'n speurder aangestel kan word. Die Burger (2 Junie 2000) wys tereg daarop dat die helfte van die speurders op omliggende stasies ook net in 'n basiese speurderskursus opgelei is (Bylaag E).



Figuur 4.1 Stand van opleiding

4.1.1.2. Ballistiek, forensiese wetenskap en inligtinginwinning

Wat ballistiek betref is geen respondente opgelei nie, terwyl slegs sewe respondente (figuur 4.1) in forensiese wetenskap opgelei is. Hierdie sewe respondente is ook net aan informele opleiding onderwerp. Geen respondente het dus enige formele opleiding in forensiese wetenskap deurloop nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In inligtinginwinning het net een respondent informele opleiding gehad. Uit die vraelys word dit ook bevestig deur die feit dat die meerderheid respondente saamstem dat hulle beriggewernetwerk in die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad swak is.

4.1.1.3. Grondwet, Menseregte en Gemeenskapspolisiëring

Figuur 4.1 toon dat in die **Grondwet van die Republiek van Suid Afrika 1996** (108 van 1996) is slegs agt respondente opgelei waarvan slegs twee formele opleiding gehad het. In menseregte het nege respondente opleiding gehad waarvan vier formele opleiding was. Slegs drie respondente informele opleiding gehad in gemeenskapspolisiëring. Omdat daar sedert 1994 wesenlike verandering op hierdie gebiede plaasgevind het, is dit belangrik dat speurders opgelei word om die verandering te verstaan en daarby aan te pas.

4.1.1.4. Ondervinding

Die vraelyste toon dat slegs vier respondente meer as tien jaar speurdienservaring het, met onderskeidelik een tien jaar, een elf jaar, een dertien jaar en een agtien jaar. Die orige elf se ondervinding wissel tussen twee en nege jaar.

Die groot verskil in opgeleide respondente in basiese speuropleiding en menseregte teenoor die ander genoemde gebiede kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat eersgenoemdes verpligtend is en die ander opsioneel is. Ten opsigte van forensiese wetenskap en ballistiek kan geargumenteer word dat dit benodig word vir gespesialiseerde ondersoek, terwyl die plaaslike speurdiens nie vir sulke ondersoeke verantwoordelik behoort te wees nie.

4.1.2. Betrokkenheid van die klaers, getuies en die gemeenskap

Die oorgrote meerderheid (94,1%) van die respondente stem saam dat klaers/klaagsters in ernstige geweldsmisdaad nie by die ondersoek daarvan betrokke is nie. Die moontlike verklaring hiervoor mag wees:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- dat afsprake nie nagekom word nie,
- dat hulle nie altyd wil voortgaan met sake nie,
- dat hulle nie hul getuienis wil bekend maak nie.

Hierdie mening word gehuldig ten opsigte van die breë publiek en die Gemeenskaps Polisieërings Forum (GPF). Die betrokkenheid van die gemeenskap wat verlang word is om as getuies vorendag te kom of om verdagtes te identifiseer.

Die feit dat die respondente glo dat hulle so min ondersteuning van die gemeenskap in die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad kry, kan waarskynlik aanleiding gee tot 'n gevoel van magteloosheid wat ongesond is vir die hele ondersoekproses. Die onbetrokkenheid van die gemeenskap, klaers/klaagsters en die GPF kan dalk toegeskryf word aan die algemene swak verhouding tussen die SAPD en die breë gemeenskap, wat deur verskeie aspekte soos die geskiedenis van die SAPD en onvergewensgesindheid van die publiek veroorsaak word.

4.1.3. Hulpmiddels

Die reaksie van die respondente ten opsigte van die feit of die hulpmiddels voldoende, diensbaar en taakgeoriënteerd is, asook ten op sigte van die vervanging daarvan gaan vervolgens ontleed word.

4.1.3.1. Voldoende hulpmiddels

Van die respondente is 53% (9) van mening dat die hulpmiddels vir die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad onvoldoende is. Hulle verstrek die volgende redes:

- twee meen dat daar selde hulpmiddels beskikbaar is.
- drie is van mening dat die aantal voertuie onvoldoende is.
- twee voel dat daar tekorte met betrekking tot hulpmiddels is.
- die laaste twee is van mening dat die gebrek aan nagsigapparaat en toneellint bydra tot die probleem dat die hulpbronne onvoldoende is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.1.3.2. Diensbaarheid van hulpmiddels

Wat die diensbaarheid van die hulpmiddels betref is 47% (8) van mening dat die toestand diensbaar is. Daarteenoor is 41,2% (7) van mening dat die toestand swak is. Die klein verskil in mening kan moontlik daarop dui dat die toestand van bestaande hulpmiddels die algemeen nie wesenlike probleme veroorsaak nie en dat hulle nog in staat is om dienste daarmee te verrig. Dit is egter in geheel onvoldoende.

4.1.3.3. Taakgeoriënteerdheid van hulpmiddels

Op die vraag of die hulpmiddels na hul mening taakgeoriënteerd is, het 53% aangedui dat dit is nie, en 35,3% meen dat dit wel is. Taakgeoriënteerdheid sluit in die feit of die hulpmiddels vir hulle spesifieke taak van misdaadondersoek aangewend kan word. Geen verdere verduidelikings is vir die antwoorde verskaf nie.

4.1.3.4. Vervanging van hulpmiddels

Met die vervanging van hulpmiddels is 82,4% (14) oortuig dat hulle probleme ondervind daarmee. Net een respondent is van mening dat geen probleme ondervind word nie. As redes vir die negatiewe opvatting voer hulle as volg aan:

- ses van die veertien meen dat hulpmiddels selde beskikbaar is.
- 'n verdere ses voel dat hulle te lank wag vir vervangings.
- een is van mening dat ervare speurders voorkeur kry met vervanging van hul hulpbronne.
- die laaste een van die veertien het geen redes vir sy /haar opvatting verskaf nie.

Dit blyk dat al drie groepe in wese 'n probleem het met die vervangingsproses van hulpmiddels.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.1.4. Kennis betreffende EGM - komponent

Minder as 'n kwart (23,6%) van die respondente is vertroud met die mandaat (Bylaag A) van die EGM - komponent. Daarteenoor is 64,7% (11) respondente nie daarmee vertroud nie. Dit is verbasend dat so 'n groot persentasie van die respondente nie vertroud is met die inhoud van die mandaat nie. Waarskynlik weet hulle ook nie wat die werkswyse van die eenheid is nie, asook nie vir watter ondersoeke hulle verantwoordelik is nie.

Die EGM - komponent is in 1996 in die lewe geroep en hul mandaat kort daarna geformuleer. Die mandaat in (Bylaag A) is gedurende September 1998 bekend gestel. Van die vier lede wat vertroud is met die mandaat sê drie dat die mandaat swak is omdat daar van die sake is wat die Eenheid nie vir ondersoek neem nie en die ander een is van mening dat die mandaat te vaag omskryf is. Die twee sienings vul mekaar aan deurdat beide handel oor die kriteria of afwesigheid daarvan waarvolgens sake vir ondersoek geneem word.

Alhoewel slegs 23,6% (4) vertroud is met die inhoud van die mandaat, maak 11,8% (2) altyd gebruik van die diens van die EGM - komponent op ernstige geweldsmisdaadtonele, deur hulle na die tonele te ontbied, 47,1% (8) maak nie gereeld gebruik van die dienste nie, terwyl 29,4% (5) glad nie van die dienste gebruik maak nie. Bogenoemde dui daarop dat die meerderheid (76,5%) (13) nie gereeld of glad nie van die dienste van die EGM - kompoment gebruik maak nie.

Drie van die vyf lede wat glad nie van die dienste gebruik maak nie voer as rede daarvoor aan dat die lede van die EGM - komponent self besluit watter sake hulle neem vir ondersoek en hulle nie deur die mandaat laat lei nie. Een voer aan dat hy/sy glad nie van die dienste gebruik maak nie omdat hy/sy niks van die eenheid weet nie. Daarteenoor voer een respondent aan dat die lede van die EGM - komponent nie wil uitkom na die misdaadtoneel nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit blyk dat konsekwentheid in die besluitneming van lede verbonde aan die EGM - komponent, onkunde aan die kant van die plaaslike speurders en die kriteria waarvolgens sake vir ondersoek geneem word, aanleiding gee daartoe dat die genoemde lede glad nie van die dienste gebruik maak nie.

4.1.5. Oplossings vir die hantering van ernstige geweldsmisdaad

Op 'n vraag watter faktore kan bydra tot die suksesvolle ondersoek van ernstige geweldsmisdaad is die antwoorde as volg:

- 23,5% (4) respondente het geen aanduidings gegee nie.
- 29,4% (5) respondente het gemeld dat opleiding die oplossing is.
- 17,6 % (3) respondente is van mening dat gespesialiseerde eenhede soos EGM meer betrek moet word by die ondersoeke.
- 11,8 % (2) respondente voel daarteenoor dat die gespesialiseerde eenhede ontbind moet word.
- 5,9% (1) respondent bepleit beter samewerking tussen lede van alle eenhede.
- 11,8 % (2) respondente glo die oplossing lê in beter hulpmiddels.

4.2. Statistiese ontleding van moord en poging tot moordondersoeke

Statistiek van die misdade moord en poging tot moord met 'n vuurwapen gepleeg gaan vervolgens ontleed word. Die data is vanaf die Mas - stelsel van die SAPD bekom.

4.2.1. Moordondersoeke

Figuur 4.2 toon dat vir die tydperk 1 April 1997 tot 31 Maart 1998 daar altesaam 33 moorde gepleeg is waarin 'n vuurwapen die moordwapen was. Alhoewel die misdaad binne die mandaat van die EGM - komponent strek, het die eenheid slegs sewe sake of 21,8 % daarvan vir ondersoek geneem. Die res te wete, 26 sake of 78,2% van die aanmeldings is deur plaaslike speurders ondersoek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Punt 12 van die mandaat van die EGM - komponent maak melding van "alle ernstige moorde". 'n Moord wat gepleeg word met 'n vuurwapen kan as ernstig geag word. Inteendeel alle moorde behoort as ernstig geag te word.



Figuur 4.2 Verspreiding van moordondersoeke

4.2.1.1. Verloop van moordondersoeke deur plaaslike eenheid

Uit figuur 4.3 blyk dit dat slegs ses van die moordsake wat vir die tydperk deur die plaaslike eenheid ondersoek was, was as onopgespoor afgesluit, wat daarop dui dat daar in 23.1 % van die sake deur hulle hanteer, geen verdagtes bekend was nie of nie genoegsame getuienis was om 'n arrestasie te regverdig nie. Dit toon ook dat 'n klein persentasie in vergelyking van die verdagte/s wat vir die pleging van die misdaad verantwoordelik was, onbekend is, of nie met die misdaad verbind kan word nie. Dit verg spesifieke ondersoekvaardighede om verdagtes met die moorde te verbind, wat by die betrokke speurders afwesig is en deur opleiding reggestel kan word. Daar is op 15 (57,7%) van die sake wat die eenheid hanteer het een of meer arrestasies per saak gemaak. Dit bevestig die bostaande stelling dat die meerderheid verdagtes bekend is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 4.3 Verloop van moordondersoeke deur plaaslike eenheid

4.2.1.2. Arrestasies op moordondersoeke

Alhoewel daar op 15 sake arrestasies uitgevoer is, toon figuur 4.4 dat die plaaslike eenheid tot op hede slegs op twee sake skuldigbevindings gehad het, wat dui op 7,7% van die sake deur hulle ondersoek is. In ses van die 15 sake is die beskuldiges vrygespreek en in 'n verdere drie is die klagte teruggetrek. Die rede hiervoor kan moontlik wees dat daar genoeg inligting beskikbaar was om die arrestasie te regverdig, maar nie genoegsaam om 'n behoorlike saak voor die hof te plaas nie. Dit kan daartoe aanleiding gee dat die beskuldigde óf vrygespreek word óf die klagte teruggetrek word.

'n Verdere vyf sake is teruggetrek (Sien figuur 4.3) voordat enige verdagte/s arresteer is. Een van die redes daarvoor kan wees dat die verdagte/s wel bekend is, maar dat daar nie genoegsame getuienis is om 'n prima-facie saak in die hof aan te bied nie. Saam met die drie sake wat in die hof teruggetrek is (Sien figuur 4.4), is daar altesaam 30,8% (8) van die sake deur plaaslike speurders hanteer teruggetrek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 4.4 Arrestasies op moordondersoeke

Faktore soos die oorvol hofrolle en die tekort aan staatsaanklaers veroorsaak dat drie van die sake na meer as twee jaar nog steeds lopend in die hof is. Dit kan problematies vir die regspleging wees deurdat getuies onwillig kan raak om na so 'n lang tydperk te getuig. In 'n berig in die Cape Argus (Mei 2000) word gemeld van 'n beskuldigde wat vrygespreek is op 'n aanklag van verkragting omdat die saak verskeie kere uitgestel is en eers na drie jaar verhoor is. Omdat die getuies na so 'n lang tydperk nie meer 'n behoorlike relaas van die gebeure kon gee nie, is voordeel van die twyfel aan die beskuldigde gegee. Vervolgens gaan die moordsake wat die EGM - komponent hanteer het ontleed word.

4.2.1.3. Verloop van moordondersoeke deur die EGM - komponent hanteer

Figuur 4.2 toon dat slegs sewe moordondersoeke deur die EGM - komponent hanteer is, daarvan kan die volgende ontleding gemaak word.

HANDELING	GEVOLG
Vrygespreek	1
Lopend in hof	3
Ondersoek uitstaande	3

Tabel 4.5 Verloop van moordondersoeke deur EGM - komponent hanteer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Geeneen van die sake wat deur die EGM - komponent ondersoek is, is as onopgespoor of teruggetrek afgehandel nie. Die EGM - komponent het tot op hede nog geen skuldigbevindings nie, maar het tans drie sake wat lopend in die hof is en nog drie wat ondersoek word. Hulle het op 57,1% (4) van hulle sake arrestasies gemaak. Hierdie aantal sake wat deur die EGM - komponent vir ondersoek geneem is, is te min dat daar enige sinvolle argumente gevoer kan word. Om die rede is dit ook moeilik om enige vergelykings te tref tussen die sake deur onderskeidelik die plaaslike speurdiens en die EGM - komponent ondersoek.

4.2.2. Poging tot moordondersoeke

Van die 63 poging tot moordsake met 'n vuurwapen wat daar vir die tydperk 1 April 1997 tot 31 Maart 1998 aangemeld was, dui figuur 4.6 aan dat 59 sake ofte wel 93,7% daarvan deur die plaaslike speurdiens ondersoek is. Die rede hoekom die EGM - komponent in beide gevalle vir so 'n klein aantal ondersoeke verantwoordelikheid geneem het, kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat hulle 'n opsie op die toneel van misdaad kan uitoefen of hulle die ondersoek gaan waarneem al dan nie. Die feit dat hulle mandaat so wyd geskryf is kan weereens as moontlikheid aangevoer word.



Figuur 4.6 Poging tot moordondersoeke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.2.1. Verloop van poging tot moordondersoeke deur plaaslike eenheid

Figuur 4.7 dui aan dat 11 van die poging tot moordsake as onopgespoor afgehandel is. Dit dui daarop dat in 18,6% sake die verdagtes onbekend is of daar nie genoegsame getuienis is om enige arrestasie te regverdig nie. Die teenoorgestelde is dat in die oorblywende 81,4% (48) verdere ondersoek gedoen word en arrestasies uitgevoer behoort te word.

Indien die teenoorgestelde waar is en daar gelet word op die genoemde 81,4% (48) toon figuur 4.7 dat 39% (23) teruggetrek is voordat enige verdagte/s daarop in 'n hof verskyn het. Van die redes hiervoor kan wees dat die slagoffer 'n verklaring afgelê het waarin hy/sy versoek om nie voort te gaan met die klagte nie. Watter redes ook al aangevoer word, dit bly kommerwekkend dat so 'n groot aantal sake teruggetrek word voordat 'n beskuldigde daarop in die hof verskyn.



Figuur 4.7 Verloop van poging tot moordondersoeke deur plaaslike eenheid

4.2.2.2. Arrestasies op Poging tot moordondersoeke

Die uitstaande faktor in figuur 4.8 is die aantal sake (18) wat teruggetrek is nadat 'n beskuldigde/s daarop in die hof verskyn het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dieselfde redes wat in paragraaf 4.2.1.2 vir die moordsake verstrek is, naamlik dat daar moontlik genoeg inligting beskikbaar was om 'n arrestasie ter regverding, maar nie om 'n suksesvolle vervolging in die hof te doen nie, kan ook hier aangevoer word.



Figuur 4.8 : Arrestasies op poging tot moordondersoeke

Sodoende moet die beskuldigde of vrygespreek of die klagte moet teruggetrek word. As daar gekyk word na die gesamentlike syfer van die sake wat voor en na hofverskyning teruggetrek is, dui dit daarop dat 41 van die 59 sake teruggetrek is. Vir enige misdaad is dit onrusbarend hoog, maar meer spesifiek vir so 'n ernstige misdaad.

Dit kan moontlik wees dat die gebrek aan inligtinginwinning soos aangedui in paragraaf 4.1.1.2 'n invloed het op die feit dat soveel sake teruggetrek word. Die onbetrokkenheid van slagoffers soos aangedui deur paragraaf 4.1.2 kan dalk ook daarop dui hulle maklik verkies om nie voort te gaan met 'n klagte nie. Die rede hiervoor mag bloot belangeloosheid wees of moontlike vrees vir vergelding deur die beskuldige/s. Die feit dat daar net 2 skuldigbevindings uit 'n totaal van 25 sake is, dui op 'n suksessyfer van 8% .

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit mag moontlik toegeskryf word aan die feit dat so min van die plaaslike speurders opgelei is in forensiese wetenskap, ballistiek en inligtinginwinning.

Indien die twee tipes misdade se syfers saamgevoeg word dui die groter prentjie dat die EGM - komponent slegs vir elf van die ses en negentig ondersoeke verantwoordelik was. Dit kan waarskynlik wees weens die feit dat so min lede op 'n gereelde grondslag van die eenheid se dienste gebruik maak. Ook kan dit moontlik wees weens die feit dat so min plaaslike speurders vertroud is met die mandaat van die eenheid en dan nie weet wanneer om hulle na tonele te ontbied nie. 'n Verdere moontlikheid is dat die mandaat se interpretasie aanleiding kan gee tot die stand van sake.

Van die sake deur die plaaslike speurdiens ondersoek is daar slegs op vier uit die vyf-en-tagtig sake skuldigbevindings, wat dui op 'n suksessyfer van 4,7%. Faktore soos die gebrek aan opleiding in ballisties, forensies en inligtinginwinning kan moontlik hiervoor verantwoordelik wees. Ook die feit dat hulle vir so 'n groot gedeelte van die ondersoeke verantwoordelik is, kan moontlike negatiewe invloed soos werksdruk veroorsaak.

Die ander kommerwekkende faktor is die feit dat soveel sake op een of ander wyse teruggetrek word. Die feit dat klaers/klaagsters en gemeenskap nie samewerking gee nie, uit moonlike vrees vir weerwraak deur die beskuldigdes, kan moontlik hier 'n rol speel. Nog redes wat aangevoer kan word is die feit dat klaers/klaagsters verkies om nie voort te gaan met sake nie en die gemeenskap nie as getuies betrokke wil raak nie en klagtes dan laat vaar moet word. In die geval waar die sake na hofverskyning teruggetrek word, is een van die waarskynlikhede dat dit weens die gebrek aan getuienis is. Dit kan dui op moontlike onkunde aan die speurder se kant, wat indirek dui op die gebrek aan opleiding.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3 Samevatting

In hierdie hoofstuk is vraelyste wat deur lede van SAPD Ravensmead Speurdiens voltooi was, ontleed en is data van die misdade moord en poging tot moord met 'n vuurwapen gepleeg ontleed en sekere afleidings is gemaak. Uit die vraelyste blyk dit dat die oorgrote meerderheid van die speurders opgelei is in 'n basiese speurderskursus. In die ander spesialisvelde soos forensiese wetenskap, ballistiek en inligtinginwinning is nie meer as 25% van die respondente opgelei nie. Dit is velde wat van kardinale belang is vir die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad.

Op die ander gebiede soos menseregte, die grondwet en gemeenskapspolisiëring is daar slegs in menseregte meer as 50% van die speurders opgelei. Die feit dat die opleidingsyfer vir die speurderskursus en menseregte so hoog is, kan daaraan toegeskryf word dat beide verpligte opleidingsgebiede is. Verder dui die respond daarop dat geen of min betrokkenheid van klaers/klaagsters, getuies en die gemeenskap is by die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad.

Waar dit handel oor hulpmiddels blyk dit dat die grootste probleem wat ondervind word en waaroor daar eenstemmigheid by die respondente is, is die vervanging van hulpmiddels is. 'n Baie lae persentasie van die respondente is vertroud met die mandaat van die EGM - komponent . Daarteenoor maak die oorgrote meerderheid nie gereeld of glad nie van die EGM - komponent se dienste gebruik nie. Dit kan moontlik toegeskryf word aan onkunde aan hulle kant aangaande werksaamhede van die EGM - komponent. Die respondente wat wel vertroud is met die mandaat het dit almal as negatief ervaar, omdat dit so terminologies wyd geskryf is en subjektief deur lede van die EGM - komponent toegepas word.

Die meerderheid van die sake wat deur die plaaslike speurdiens ondersoek is, is óf teruggetrek voor iemand daarop in die hof verskyn het óf nadat iemand in die hof verskyn het. Daar kan aangevoer word dat die lae opleidingsyfer in gebiede soos forensiese wetenskap, ballistiek en inligtinginwinning onder meer hierin 'n rol speel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5

Aanbevelings vir die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad

5.0. Inleiding

Hierdie studie toon dat by SAPD Ravensmead Speurdiens aspekte bestaan soos 'n gebrek aan opleiding, wat 'n negatiewe invloed op die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad het. Daar is ook faktore soos werkloosheid wat aanleiding gee tot die toename in sekere tipes geweldsmisdaad. Die SAPD het nie beheer oor genoemde faktore nie. Genoemde aspekte behoort deur ander rolspelers soos kerke, skole, nasionale regering en nie-regerings organisasies in samewerking met die SAPD aangespreek word.

Daar is wel aspekte wat verbeter kan word wat binne die SAPD se beheer is. Hierdie aspekte sluit onder andere in opleiding asook verspreiding van werkslading tussen die plaaslike speurdiens en die EGM - komponent en hulpmiddels. Hierdie aspekte sal vervolgens bespreek word.

5.1. Opleiding

Opleiding van personeel is 'n aspek waaroor die SAPD beheer kan uitoefen. Dit bevestig die navorser se hipotese dat die gebrek aan gespesialiseerde opleiding onder andere aanleiding gee tot die SAPD se onvermoë om ernstige geweldsmisdaad op die Kaapse Vlakte suksesvol te ondersoek. Gespesialiseerde opleiding op gebiede soos forensiese wetenskap, ballistiek en inligtinginwinning moet verpligtend gemaak word vir alle lede verbonde aan plaaslike speureenhede. Dit behoort 'n beter oplossyfer in die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad tot gevolg te hê (figuur 5.1). Dié aspekte word vervolgens bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.1.1. Forensiese wetenskap

Forensiese wetenskap is onder andere die ondersoek en ontwikkeling van tegnieke, toetse en inligting-insamelingstrategieë (Sien afdeling 3.2.1) wat aangewend kan word in die ondersoek van misdaad. Opleiding in twee basiese tegnieke naamlik deoksiribonukleiensuur - analise (DNA) en ballistiek moet aan plaaslike speurders verskaf word. Daar word ook na DNA-analise verwys as genetiese - analise (Marais, 1992:121). Die eerste analise van die aard is in Sepetember 1985 deur Prof. Alec Jeffries in Engeland gedoen. Dit kom daarop neer dat alle weefsels en vloeistowwe binne die menslike liggaam uit mikroskopiese selle opgebou is. Alle selle van 'n bepaalde individu het egter iets in gemeen naamlik DNA. Met DNA-analise kan 'n sel dus teruggevoer word na sy oorsprong.

Tydens opleiding kan die kenmerke van DNA-afdrukke soos uniekheid, individualiteit, onveranderlikheid, klassifiseerbaarheid, universaliteit en reproduseerbaarheid aan plaaslike speurders oorgedra word. Die berig in Die Burger (12 September 2000) bevestig die waarde van DNA-analise in die ondersoek van misdaad. Volgens die berig is genetiese materiaal wat op die oorledene gevind is, met behulp van DNA-analise positief met van die beskuldigdes verbind. Superintendent Sharlene Otto van die SAPD se Forensiese Laboratoriums in Delft se getuienis word aangehaal as volg: " daar bestaan 'n kans van een uit 'n miljard dat meer as een persoon die genetiese profiel in die resultate van die forenisese toetse kan hê" (Bylaag F). Vervolgens sal daar gelet word op die inhoud van die opleiding in ballistiek wat aan die speurders oorgedra behoort te word.

5.1.2. Ballistiek

Tydens die pleging van die misdade moord en poging tot moord met 'n vuurwapen, waar 'n persoon gedood of beseer word, word daar altyd wond/e deur die oorledene of beseerde opgedoen. Deur middel van ballistiese toetse kan die volgende omtrent die wonde bepaal word (Marais, 1992:170):

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Die vuurafstand.
- Die rigting vanwaar die die wapen afgevuur is.
- Die posisie van die liggaam voor dit getref is.
- Of dit 'n ongeluk, selfmoord of moord is.
- Die bepaling van ingangs - en uitgangswonde.
- Het die projektiel iets anders getref voordat dit die teiken getref het.
- Het die projektiel deur klerasie gedring voordat dit die liggaaam gepenetreer het.
- Die afstand van die vuurwapen vanaf die oorledene of beseerde.

Indien hierdie opleiding aan plaaslike speurders gebied word, behoort dit hulle in staat te stel om te weet waarna om te soek wanneer die wonde aan oorledenes of beseerdes ondersoek word.

5.1.3. Inligtinginwinning

Behalwe vir ooggetuies wat inligting aan die SAPD in verband met misdaad verskaf, is daar ook berrigewers wat sulke inligting verstrek. Tydens opleiding word die verskillende tipe beriggewers naamlik vrywillige, betaalde en beriggewers met motiewe soos wraak, vrywaring van vervolging en bevrediging van emosionele behoeftes behandel. Verdere aspekte soos beheer oor beriggewers, vergoeding en die identiteit van beriggewers kan ook tydens opleiding gedek word.

Inligting word ook vanaf fisiese getuienis op die misdaadtoneel soos vloeistowwe, objekte, afdrukke en voorwerpe bekom (Marais, 1992 :6). Tydens opleiding kan die volgende ten opsigte van fisiese getuienis oorgedra word:

- Wat fisiese getuienis is.
- Hoe om dit te versamel.
- Die wyse waarop dit bewaar word.
- Hoe om akkurate vertolkings daaruit te maak.
- Die getuieniswaarde wat dit inhou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 5.1 Analitiese raamwerk vir voorstelle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie opleiding sal die plaaslike speurders in staat stel om fisiese getuienis op te spoor, dit korrek te interpreteer en die verband daarvan behoorlik op rekord te plaas.

Die opleiding kan aan die hand van Armstrong se opleidingsmodel in figuur 2.1 (bl. 40) gedoen word. Hierdie model is geskik vir indiensopleiding sowel as formele opleiding. Tydens indiensopleiding kan opleidingsbehoeftes bepaal asook omskryf word. Indiensopleiding kan op gebiede soos verhoudings met staatsaanklaers en die werksaamhede van die EGM - komponent gegee word. Dit sal die leerder die geleentheid bied om te leer deur ondervinding en raad en kritiek van kollegas te kry (Maybe en Iles 1998:109).

Verder kan die leerder tydens indiensopleiding vir die formele opleiding voorberei word. Indien die leerders nie voorberei word vir die opleiding nie, kan hulle bedreig voel oor die opleiding omdat hulle nie weet wat op hulle wag nie. Hulle mag ook voel dat die opleiding nie verband hou met hulle behoeftes of dié van die organisasie nie. Formele opleiding kan op gebiede soos forensiese wetenskap, ballistiek en inligting inwinning aangebied word.

Formele opleiding in die **Grondwet van die Republiek van Suid - Afrika 1996** (108 van 1996), menseregte en gemeenskapspolisiëring kan ook vir die speurders aangebied word. Omdat daar sedert 1994 wesenlike veranderings op van dié gebiede plaasgevind het (Sien afdeling 2.7.2), is dit noodsaaklik dat die speurders opgelei word om die verandering te verstaan en daarby aan te pas. 'n Voorbeeld van die verandering is dat die staat vir die eerste keer 'n Handves van Menseregte gekry het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Deur die doelwitte van die opleiding met die leerders te bespreek, word hulle vrese en bekommernisse weerlê en behoort leerders beter voorberei te wees vir die opleiding wat vir hulle voorlê. Die program kan dan na gelang van die behoefte van die organisasie en die kandidaat beplan word, terwyl van die ervare lede as aanbieders kan optree. Evaluering deur toesighouers kan ook op 'n deurlopende basis geskied om te bepaal of verandering of uitbreiding van die opleidingsprogram nodig is.

Met die inagneming van sosiaal - maatskaplike omstandighede kan opleiding in Antropologie en Menslike Ekologie vir die speurders aangebied word. Tydens opleiding kan veroorsakende faktore van geweldsmisdaad byvoorbeeld werkloosheid, swak woonbuurte en die tekort aan 'n ondersteuningstelsel (Sien afdeling 2.3.1) behandel word. Hierdie opleiding sal leerders insig gee in die moontlike redes vir die gedrag van geweldsmisdadigers. Dit sal ook die leerders in staat stel om voorkomend met betrekking tot die pleging van geweldsmisdaad op te tree. Die opleiding behoort ook te lei tot 'n beter verhouding tussen die SAPD en die gemeenskap in die algemeen.

Opleiding in interpersoonlike vaardighede byvoorbeeld die hantering en verwerking van spanning, konflikhantering, die aanpassing by verandering en motivering word aanbeveel. Opleiding in die lewensvaardighede behoort leerders voor te berei op die moeilike werksomgewing waaraan speurders op die Kaapse Vlakte blootgestel word (Sien afdeling 2.7.5). Dit behoort ook by te dra tot 'n beter verhouding tussen plaaslike speurders en lede van die EGM - komponent.

5.1.4. Opleidingstegnieke

Deur van 'n verskeidenheid opleidingstegnieke gebruik te maak kan die deelnemers gestimuleer word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van die tegnieke kan kursusse, konferensies, seminare en werkswinkels wees. Van hierdie tegnieke blyk kursusse in die vorm van lesings, die mees geskikte vir die opleiding van speurders te wees. Die rede hiervoor is dat die opleidingsgebiede wat geïdentifiseer is, spesialisgebiede is en die opleiding deur kundiges op die gebiede aangebied behoort te word.

Lesings as opleidingstegniek hou bepaalde voordele in. Die voordele is onder andere:

- Die aanbieder is in beheer van die materiaal wat hy/sy aanbied. Omdat die aanbieder 'n kenner op sy/haar gebied is besluit hy/sy wat aangebied gaan word.
- Alle materiaal word op 'n logiese wyse aangebied. Die aanbieder het hom/haar voorberei en is vertroud met die materiaal en kan dit op die eenvoudigste en mees logiese wyse vir die leerders aanbied. Dit maak dit maklik vir die leerders om te volg.
- Dit is 'n veilige benadering. Omdat die aanbieder in beheer is van die materiaal en tydsduur van sessies kan daar min onvoorsiene voorvalle plaasvind wat druk op die aanbieder plaas.
- Dit is ook veilig vir die leerders aangesien hulle nie aan skielike beantwoording van vrae blootgestel word nie. Verder vereis dit ook nie veel deelname van die leerders nie aangesien die aanbieder alleen insette lewer.

Saam met die voordele wat lesings as opleidingstegniek het, is daar ook 'n aantal nadele aan die tegniek verbonde. Van die vernaamste nadele is die feit dat die leerders passief in die aanbieding is en die aanbieder al die insette lewer. Dit gee ook aanleiding dat daar 'n gebrek aan terugvoering ontstaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Omdat die leerders nie aktief betrokke is in die aanbieding nie, kry die aanbieder nie enige terugvoer van die leerders hoe die materiaal wat aangebied word ervaar word nie (Cushway 1994:108).

Hierdie punt kan aangespreek word indien die aanbieder die geleentheid vir vrae en besprekings skep. Dit kan aan die einde van die aanbieding geskied of die aanbieder kan dit duidelik maak dat vrae en besprekings tydens sessies kan geskied. Die leerders moet ook aangemoedig word om die sessies te onderbreek vir vrae en besprekings. Die risiko hieraan verbonde is dat die aanbieder die gevaar loop dat sy/haar sienings en stellings uitgedaag kan word.

Indien die opleiding suksesvol aangebied word, behoort dit by te dra tot die verbetering van die plaaslike speurders se suksessyfer in die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad. Om te bepaal of die opleiding suksesvol was of nie kan daar na verskeie faktore gekyk word. Van die faktore kan wees om op te let na die plaaslike speurders se optrede by ernstige geweldsmisdaadtonele en of hulle toepas wat tydens die opleiding aan hulle oorgedra is (Rae 1995:40).

Die suksessyfer vir die oplossing van bepaalde misdade behoort die kernaanwyser te wees of die opleiding suksesvol was of nie. Suksesvolle vervolging van misdadigers dien ook as misdaadvoorkoming. Dit ontneem die misdadiger die geleentheid om vir 'n tydperk misdaad te pleeg, daarom kan die aanmeldingsyfer van die misdade ook gemonitor word en enige afnames kan op die sukses van die opleiding dui.

5.1.5. Voordele van opleiding

Vir die plaaslike speurders kan die betrokke opleiding persoonlike groei meebring asook die uitbreiding van bestaande kennis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hulle vaardighede kan ook uitbrei wat aanleiding kan gee tot verhoogde dienslewering. Daarby dra hulle by tot die uitvoering van die organisasie se doelwitte (Van Dyk, Nel et al 1992:103). Vir die SAPD sal dit beteken dat die organisasie oor beter opgeleide plaaslike speurdiens beskik, wat aanleiding behoort te gee tot verhoogde dienslewering.

Indien daar 'n verbetering in dienslewering is kan dit lei tot groter vertroue van die gemeenskap in die SAPD. Vir die gemeenskap sal dit beteken dat sake van ernstige geweldsmisdaad deur opgeleide speurders ondersoek word en dat daar 'n styging in die suksessyfer van die bepaalde misdade verwag kan word.

Die studie het ook ander faktore wat binne die SAPD se beheer is aangedui. Hierdie faktore is verspreiding van werkslading en hulpmiddels. Omdat dit nie die fokus van die studie is nie sal daar net in kort 'n bespreking daaroor gevoer word en behoort die twee onderwerpe deur toekomstige navorsing aangespreek te word.

5.2. Verspreiding van werkslading

Die oneweredige verspreiding van die werkslading tussen die plaaslike speurdiens en die EGM - komponent blyk 'n bydraende faktor tot die huidige stand van die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad te wees. Om die verspreiding reg te stel word eerstens voorgestel dat eenhede soos die EGM - komponent ontbind en om van daardie lede aan plaaslike speureenhede waar daar 'n behoefte bestaan, toegeken word.

Dit sal daartoe aanleiding gee dat die kundigheid vir die eenheid beskikbaar is, en daar nie 'n toutrekkery ontstaan oor wie vir die ondersoek verantwoordelik is nie. Sodoende kan die bevelvoerder ook verseker dat die werklas eweredig onder sy speurders versprei word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

As alternatief op bogenoemde aanbevelings word daar voorgestel dat die mandaat aan die hand waarvan die EGM - komponent funksioneer, herskryf word. Daar word voorgestel dat dit terminologies nie so vaag is as wat huidig die geval is nie. Ook behoort dit nie voorsiening te maak vir die ongekwalifiseerde opsie van lede verbonde aan die EGM - komponent nie. Nadat dit herskryf is moet dit aan alle betrokke eenhede voorsien word en daar moet verseker word dat elke lid op hoogte is met die inhoud daarvan. Dit kan aan die plaaslike speurders tydens inligtingsessies verduidelik word. Dit sal verseker dat alle lede verbonde aan plaaslike eenhede vertroud is met die mandaat, wat insluit die werkswyse van die EGM - komponent asook vir watter ondersoeke hulle verantwoordelik is.

Werkswinkels en seminare (Sien afdeling 2.7.4.3 en 2.7.4.4) kan tussen plaaslike speurders en lede van die EGM - komponent aangebied word om die gebrekkige kommunikasie wat bestaan aan te spreek. Tydens sulke sessies kan rolverdeling gedoen word en onduidelikhede opgeklaar word. Die oneweredige verspreiding van die werkslading kan ook op hierdie wyse aangespreek word en gesamentlike oplossings daarvoor gevind word.

5.3. Hulpmiddels

'n Verdere faktor wat moontlik bydrae tot die lae suksessyfer in die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad blyk hulpmiddels te wees. Daar word aanbeveel dat dat 'n kriteria saamgestel word, waarvolgens die toekenning van hulpmiddels aan plaaslike speureenhede geskied. Die kriteria behoort voorsiening te maak vir die tipe, aantal en vervanging van hulpmiddels.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.4. Samevatting

Hierdie studie het getoon dat daar aspekte bestaan soos faktore wat aanleiding gee tot geweldpleging en die redes vir die toename in sekere tipe geweldsmisdaad waaroor die SAPD nie beheer het nie. Hierdie faktore kan deur ander instansies binne die staat aangespreek word. Daar is wel faktore waaroor die SAPD beheer het en dit sluit opleiding, verspreiding van werkslading en hulpmiddels in. Opleiding in spesialisgebiede soos forensiese wetenskap ballistiek en inligtinginwinning moet verpligtend vir alle lede verbonde aan plaaslike speurdienste gemaak word.

Tydens opleiding in die forensiese wetenskap kan daar op twee tegnieke as inligting-insamelingstrategieë gekonsentreer word, naamlik deoksiribunokleiensuur-analise (DNA) en ballistiek. Opleiding in inligtinginwinning kan handel oor die identifisering, beheer, vergoeding en die identiteit van beriggewers. Verder kan die waarde van fisiese getuienis ook behandel word. Die opleiding kan aan die hand van verskillende opleidingstegnieke soos kursusse, konferensies, seminare en werkswinkels aangebied word. Formele opleiding in die **Grondwet van die Republiek van Suid - Afrika 1996** (108 van 1996) kan ook vir speurders aangebied word. Om die sosiaal - maatskaplike faktore wat aanleiding gee tot geweldsmisdaad aan te spreek kan opleiding in Antropologie en Menslike Ekologie aan speurders gebied word.

Omdat die opleidingsgebiede spesialisgebied is, blyk dit dat kursusse in die vorm van lesings die mees geskikte tegniek is. Lesings het die voordeel dat dit 'n veilige benadering vir beide die aanbieder en leerder is. Een van lesings se nadele is die feit dat die leerders nie aktief in die aanbieding is nie. Opleiding op sigself het bepaalde voordele vir die leerder en die organisasie , maar spesifiek vir die gemeenskap wat deur die SAPD bedien word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verder aspekte soos oneweredige verspreiding van werkslading en hulpbronne het ook in die studie as probleme na vore gekom. Om die oneweredige verspreiding van werkslading tussen die plaaslike speurders en die EGM - komponent reg te stel, word voorgestel dat eenhede soos die EGM - komponent ontbind en die lede aan plaaslike speurdienste toegeken word.

Alternatiewelik word aanbeveel dat die mandaat van die EGM - komponent herskryf word om onsekerheid uit die weg te ruim ten opsigte van die ondersoeke waarvoor hulle verantwoordelik is. Laastens word aanbeveel dat 'n kriteria saamgestel word waarvolgens die toekenning van hulpbronne aan plaaslike speurdienste geskied. Deur verdere navorsing kan daar breedvoerig aan dié twee faktore se invloed op die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad aandag bestee word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 6

Samevatting

Ondersoek is ingestel of speurders verbonde aan SAPD Ravensmead Speurdiens oor die nodige opleiding beskik om ernstige geweldsmisdaad te ondersoek. Die motivering was dat ernstige geweldsmisdaad met 'n vuurwapen skerp afmetinge op die Kaapse Vlakte aanneem en dat plaaslike speurders wat net oor algemene speuropleiding beskik vir die meeste ondersoek daarvan verantwoordelik is.

Daar kan onderskei word tusse drie verskillende tipes misdade naamlik, oneerlikheidsmisdade, seksuele misdade en geweldsmisdade. Vir die doeleindes van die studie is daar spesifieke aandag geskenk aan ernstige geweldsmisdaad. Daar is verskeie faktore soos sosiaal-maatskaplike en ekonomiese faktore wat aanleiding gee tot die pleging van geweldsmisdade. Die oogmerke van geweldsmisdaad is wraak en oorlewing, bevoordeling en aandagvestiging.

Daar is twee tydperke van geweldpleging binne Suid-Afrika. Die tydperke is vanaf 1960 tot 1994 en vanaf 1994 tot op hede. Dié tussen 1960 tot 1994 was hoofsaaklik tussen die staat en die wat hom teengegaan het, waar dié van 1994 tot op hede meer gemik is teen 'n persoon se eiendom of dit is 'n aanslag op die liggaam van 'n persoon. Daar het 'n verandering in die politieke omgewing van die SAPD plaasgevind deurdat daar demokratiese regering vir die staat gekies is. Dit het die werksaamhede van die SAPD beïnvloed en onder meer opleiding nodig gemaak. Daar bestaan verskillende opleidingstegnieke onder andere kursusse, konferensies en seminare. Hierdie tegnieke kan in die opleiding van plaaslike speurders vir die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad toegepas word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Deur opleiding word die beleid van die organisasie uitgedra en die personeel vereenselwig hulle met die doelwitte vir dienslewering. Vir die personeel beteken dit ontwikkeling van selfvertroue en probleem - oplossingsvemoë. Beperkingsfaktore soos die herstrukturering van die SAPD en spanningsvolle situasies bemoeilik opleiding. Opleiding in die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad kan aan die hand van Armstrong se model aan plaaslike speurders gebied word.

Die verantwoordelikheid SAPD sluit die funksie van misdaadondersoek in. Wetgewing soos die **Wet op die Suid - Afrikaanse Polisiediens 1995** (Wet 68 van 1995) plaas die verantwoordelikheid op die SAPD. Die misdaadtoneel dien as vertrekpunt vir die ondersoek van misdaad. Verskeie tegnieke soos forensiese wetenskap en ballisitiek kan op die toneel aangewend word.

Versigtige optrede op die misdaadtoneel is van kardinale belang, dit dra by dat bestaande fisiese getuienis nie vernietig of versteur word nie. Inligtinginwinning is 'n tegniek om die speurder te help in die uitvoering van sy/haar dagtaak. Die werwing van speurders word normaalweg vanaf die uniform -afdeling gedoen, omdat hulle op hoogte is met die ondersteuning wat daar van speurders verwag word. Lede vir gespesialiseerde eenhede soos die EGM - komponent word vanaf die plaaslike speurdienste gewerf. Die dilemma wat privaat ondersoekagentskappe vir gespesialiseerde eenhede inhou, deur hulle lede te werf, veroorsaak dat gespesialiseerde eenhede 'n te kort in personeel ervaar.

Vraelyste is voltooi deur lede van SAPD Ravensmead Speurdiens betreffende die onderwerpe soos hulle huidige opleiding, hulpmiddels en kennis aangaande die EGM - komponent.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die vraelyste het getoon dat die oorgrote meerderheid (82,4%) van die speurders opgelei is in 'n basiese speurderskursus. In menseregte is daar ook meer as die helfte (53%) van die eenheid opgelei. Op gespesialiseerde gebiede byvoorbeeld forensiese wetenskap, ballistiek en inligtinginwinning wat nodig is vir die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad is nie meer as 25% van die eenheid se lede opgelei nie.

Die statistiese ontleding het getoon dat die EGM - komponent slegs vir 11,5% van die ernstige geweldsmisdade moord en poging tot moord met 'n vuurwapen se ondersoek verantwoordelik was, terwyl daar geargumenteer kan word dat die genoemde misdade beide binne hulle mandaat val. Die oorsake daarvoor kan moontlik wees dat die EGM - komponent se mandaat te wyd geskryf is en dit subjektiewe vertolking daarvan aan die lede van die EGM - komponent toelaat, of ook omdat so min plaaslike speurders (23,6%) vertroud is met die mandaat van die EGM - komponent.

Daarmee saam maak slegs 11,8% altyd gebruik van die dienste van die EGM - komponent op ernstige geweldsmisdaad-tonele, 47,1% maak nie so gereeld van die dienste gebruik nie en 29,4% maak glad nie van die dienste gebruik nie. Dit kan moontlik toegeskryf word aan onkunde aan hul kant ten op sigte van die werksaamhede van die EGM - komponent. Die oorgrote meerderheid (76,5%) maak dus nie gereeld of glad nie van die dienste van die EGM - komponent gebruik nie.

Die sake (85) wat deur die plaaslike eenheid ondersoek is, is as volg afgehandel:

- nege-en-veertig is teruggetrek voor of nadat 'n verdagte/s daarop in 'n hof verskyn het.
- in sewe is die beskuldigde/s vrygespreek.
- in twee is die beskuldigde/s oorlede.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- sewentien is as onopgespoor afgesluit.
- ses is nog lopend voor 'n hof.
- in vier is die beskuldigdes skuldig bevind.

Wat kommerwekkend van bogenoemde feite is dat so 'n groot aantal (49) sake teruggetrek is, en so 'n klein aantal (4) van die beskuldigde/s skuldig bevind is. Daar mag aangevoer word omdat so min lede opgelei is in spesialisvelde soos forensiese wetenskap, ballistiek en inligtinginwinning bydra tot die stand van sake.

Hierdie navorsing het getoon dat behalwe opleiding daar ook ander faktore bestaan wat 'n negatiewe invloed op die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad het. Dit sluit in faktore wat aanleiding gee tot die pleging van geweldsmisdaad en die redes vir die toename in geweldsmisdaad. Hierdie faktore is nie binne die SAPD se beheer nie, en moet deur ander rolspelers soos kerke en skole in samewerking met die SAPD aangespreek word.

Omdat opleiding vir die ondersoek van geweldsmisdaad die fokus van die studie is, word aanbeveel dat opleiding in spesialisgebiede soos forensiese wetenskap, ballisties en inligtinginwinning verpligtend vir plaaslike speurders gemaak word. Tydens die opleiding in forensiese wetenskap kan aandag gegee word aan DNA-analise en ballistiek as metodes wat aangewend kan word vir inligtinginsameling. Opleiding in inligtinginwinning kan insluit die verskillende tipe beriggewers, die hantering van beriggewers en die vergoeding van beriggewers.

Om die opleiding oor te dra kan daar van verskillende opleidingstegnieke soos kursusse, werkswinkels en seminare gebruik gemaak word. Indiensopleiding kan op gebiede soos verhoudings met staatsaanklaers en die werksaamhede van die EGM - komponent gegee word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vir opleiding in die gebiede soos forensiese wetenskap en ballisties blyk dit dat kursusse in die vorme van lesings die mees geskikte tegniek is, omdat gespesialiseerde kennis deur kundiges oorgedra word. Opleiding in die **Gronwet van die Republiek van Suid - Afrika 1996** (108 van 1996), menseregte en gemeenskapspolisiëring kan ook vir die speurders aangebied word. Verder kan opleiding in Antropologie en Menslike Ekologie aangebied word om die die speurders insig te bied in die gedrag van geweldsmisdadigers.

Die opleiding hou ook bepaalde voordele vir die individu sowel as die organisasie in. In hierdie geval is dit egter die gemeenskap wat deur die SAPD bedien word, wat die voordeel van opgeleide plaaslike speurders sal geniet. Die studie het ook getoon dat daar ander faktore soos verspreiding van werkslading en hulpbronne is, wat ook 'n probleem tydens die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad veroorsaak. Deur verdere navorsing kan daar breedvoerig aan die faktore aandag bestee word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BRONNELYS

Altbeker, A. 1998. **Solving Crime. The State of the SAPS Detective Service.** ISS Monograph Series. No. 31, Nov.

Armstrong, M. 1995. **A Handbook of Personnel Management Practice**. London. Kogan.

Bayley, D.H. 1994. **Police for the Future**. New York. Oxford Press.

Bless, C. & Higson -Smith, C. 1995. **Fundamentals of Social Research Methods. An African Perspective**. Cape Town. Juta

Bornman, E. Van Eeden, R. & Wentzel, M. 1998. **Violence in South Africa: A Variety of Perspectives**. Pretoria. Huma Science Research Council.

Brynard, P.A. & Hanekom, S.X. 1997. **Introduction to Research in Public Administration and Related Disciplines**. Cape Town. Van Schaicks.

Camerer. L. Louw, A. Shaw, M. Artz, L. & Scharf, W. 1998. **Crime in Cape Town. Results of a City Victim Survey.** ISS Monograph Series. No. 23, April.

Cape Argus 2000. **Delay in Trail Sees Rape Suspect Walk**. (25 May:14).

Cole, D.J. 1996. **A Writers Guide to Police Investigation and Detection.** London. Robert Heal.

Cushway, B . 1994. **Human Resources Management. Planning, Analysis, Performance and Reward.** London. Kogan Page.

Dale, E. 1993. **Enterprise Learning in Action: Education and Economical Renewal for the Twenty - first Century**. London. Shuttleworth.

Dale, M. & Iles, P. 1996. **Assessing Management Skills: a Guide to Competence and Evaluation Techniques**. London. Prentice Hall.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Burger 2000. **Speurders in 2 Kaapse Metro's is Swak Opgelei.** (2 Junie).

Die Burger 2000. **Drie Forensies Verbind met Moord op Valencia.** (12 September).

Enright, A. J. 1996. **Die Rol van die Maatskaplike werker ten opsigte van Indiensopleiding by Tehuise in die Wes - Kaap.** MA - Tesis. Bellville. Universiteit van Stellenbosch.

Finansies en Tegniek 1999. **Die Armes word net Armer.** (Augustus:27).

Fisher, B.A.J. 1993. **Techniques of Crime Investigation**. London. CRC Press.

Focus Forum 1997. **Gewelddadige Misdaad: Is Suid - Afrika op pad na Anarganisme of Veiligheid?** (12 April:11).

Fox, W. Schwella, E. & Wissink, H. 1991. **Public Management**. Cape Town. Juta.

Hancock, B.W. & Sharp, P.M. 1997. **Public Policy, Crime and Criminal Justice.** London. Prentice Hall.

Insig. 1997. **Meer Wapens, Meer Bloed.** (Oktober:14).

Maybey, C. & Iles, P. 1994. **Managing Learning.** London. International Thomson Business Press.

Makhatha, N. & Potgieter M. 1998. **Living in Western Cape. Selected Findings of the 1995 October Household Survey.** Pretoria. Central Statistics.

Marais, C.W. 1992. **Fisiese Getuienis in Misdaadondersoek**. Pretoria. Henmar.

Marais, C.W. & Van Rooyen, H.J.N. 1990. **Crime Investigation**. Silverton. Promedia Printers.

Megginson, D. Joy - Matthews, J. & Banfield, P. 1993. **Human Resource Development. Managing Learning - Competence**. London. Kogan Page.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

McBeath, G. 1992. **The Handbook of Human Resource Planning. Practical Manpower Analysis Techniques for Human Resource Professionals.** Oxford. Blackwell.

McKenzie, I. 1996. **Criminal Investigation**. Sussex. Wayland.

Peterson, R. & Krivo, L.J. 2000 **" Violent Crimes, Sociological Aspects, Social Institutions"**. *Disadvantages and Neighborhoods Violent Crime*.Februarie 2000.wysiwyg://bodyframe.165/http:eho...eanTerm=voilent%20 crimes&fuzzyTerm. 5 Mei.

Rae, L. 1995. **Techniques of Training**. Hampshire. Gower.

Rapprt. 2000. Januarie:8. **Bushie se Manne só 'Weggelok'**.

Security Focus. 2000. **Violence here for next 20 years**.(April. Vol.18 No. 4).

Sherman, A. Bohlander, G &Snell, S. **Managing Human Resources**. Cincinnati. International Thomson.

Snyman, C.R. 1986. **Strafreg**. Durban. Butterworth.

Suid - Afrika, 1996. **Grondwet van die Republiek van Suid - Afrika 1996** (No108 van 1996). Pretoria. Staatsdrukkers.

Suid - Afrika, 1995. **Wet op Suid-Afrikaanse Polisiediens 1995** (No. 68 van 1995). Pretoria. Staatsdrukkers.

Suid - Afrika, 1977. **Strafproseswet 1977** (No. 51 van 1977). Pretoria. Staatsdrukkers.

Suid - Afrika,1997. **Wet op Basiese Diensvoorwaardes 1997** (No.75 van 1997). Pretoria. Staatsdrukkers.

Suid - Afrikaanse Polisiediens, 1997. **Opleidingsmodule vir Speurders Opleidingskollege Paarl**. Pretoria.

Suid - Afrikaanse Polisiediens, 1999. **Opleidingsmodule vir Speurders Opleidingskollege Silverton**. Pretoria.

Suid - Afrikaanse Polisiediens, 1998. **Prioriteit en Doelwitdokument vir 1998/99**. Pretoria.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Suid - Afrikaanse Polisiediens, 1998. **Restructuring of Serious Crime Unit. Verw. 3/1/1**. Kaapstad.

Suid - Afrikaanse Polisiediens, 1996. **Structuring of the South African Police at Station level. Verw. 2/1/1**. Pretoria.

Suid - Afrika , 1998. **Witskrif vir Veiligheid en Sekuriteit**. Pretoria. Staatsdrukkers.

Van der Westhuizen, J. 1982. **Geweldsmisdaad in Suid - Afrika**. Pretoria. Sigma Press.

Van Dyk, P,S. Nel, P.s. & van Zyl, P. 1992. **Training Management. A Multi-disciplinary Approach to Human Resources Development in South Africa**. Cape Town. Southern Book Publishers.

William, B. Werther, J.R. & Davis, K. 1989. **Human Resource Management**. New York. McGraw Hill.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

A

Mandaat van die EGM

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2 – afgeneem van mandaat aan elke lid/offisier ens.

G.P.-S. 002-0222

SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE

AMAPOLISA OMZANTSI AFRICA

Privaatsak/Private Bag
Posbus/Post Office Box

Verw/Ref	*3/1/1*
Navrae/Enq	*Sr Supt Smith*
Telno	*(021) 951-6665/6*
Faks/Fax	*(021) 951-2063*

KANTOOR VAN DIE EENHEIDSBEVELVOERDER
MOORD- EN ROOFEENHEID
BELLVILLE-SUID
PRIVAATSAK X13
KASSELSVLEI
7533

1998.09.22

A. Die Bevelvoerder
S A Polisiediens
Radiobeheer
PINELANDS

B. Die Areakommissaris
Oos-Metropool

C. Die Speurhoof
Area : Oos-metropool

D. Die Areakommissaris
Wes-Metropool

E. Die Speurhoof
Area : Wes-Metropool

MANDAAT : E G M - KOMPONENT

A-E 1. Na samesprekinge met direkteur Knipe, die Provinsiale Bevelvoerder, Geweldsmisdaad vanoggend, 1998.09.23, nadat verskeie navrae reeds ontvang is, wat dit laat blyk dat daar steeds onduidelikhede bestaan rondom die E.G.M. - Komponent Mandaat, word die mandaat weer aan u onderskeie stasies en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6. *Die Mandaat :*

Ingeslote vind asb die Mandaat wat deur E.G.M. ondersoek sal word - skrywe 3/1/1 gedateer 1998.06.02 (dir Knipe).

Aantekeninge vir u gerief is ook op die ingeslote mandaat aangebring, sodat met eerste oogopslag daar presies geweet of gesien kan word wie gekontak kan word.

7. *Graag word u en dan ook die bevelvoerders onder u bevel versoek om die "Mandaat" noukeurig te bestudeer, ten einde een en elke lid op hoogte te bring van "wat" nou deur die E.G.M. Komponent ondersoek sal word. Dit is vir hierdie kantore uiters belangrik dat alle personeel op hoogte gebring word met betrekking tot die spesifieke taking van die E.G.M. komponent ten einde ook frustrasie en onprofessionele dienslewering teen te werk in besonder die geredekawel oor wat dan nou opgeneem word vir ondersoek en wat nie. Die mandaat is beslis rigied in die uitspel van watter sake geneem word deur die E.G.M. Komponent en behoort daar nie enige twyfel te bestaan of geskep te word nie.*

8. *Graag wens hierdie kantoor dit dan ook pertinent onder u aandag te bring dat soos in die verlede, hierdie kantore nie sake sal opneem waar hul nie van meets of gekontak was nie. Dit is aldus die verantwoordelikheid van die Stasie en Speurtakbevelvoerders om toe te sien dat waar die E.G.M. Komponent benodig word, hulle onmiddelik geken en gekontak word.*

9. *Graag word u versoek om as 'n saak van dringendheid hierdie skrywe, sowel die mandaat aan u onderskeie bevelvoerderders te sirkuleer.*

EENHEIDSBEVELVOERDER : MOORD- EN ROOFEENHEID
SR SUPT G D SMITH

AC/mandaat01/CK

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eenhede voorgehou ter sirkulasie en lig ek u ook in rondom die E.G.M. werksaamhede en reëlings wat daaromtrent getref is, ten einde dan ook alle onduidelikhede uit die weg te ruim.

2. *Die Ernstige Geweldskomponent funksioneer tot en met die betrekking van die nuwe kantore te Disahof, Bishop Lavis vanuit twee kantore nl :*

   1. *Roy Beamish, Athlone tel (934-9349)*
      Bevelvoerder, supt A J Heyliger; en

   2. *Moord- en Roof, Bellville-Suid tel (951-6665/6)*
      Bevelvoerder, sr supt G D Smith.

3.1 *Die komponent te Roy Beamish gebou huisves en hanteer die volgende ondersoek-eenhede se werksaamhede :*

- *Bende-ondersoekeenheid*
- *Huurmotor/Taxi-ondersoekeenheid en*
- *PAGAD-ondersoekeenheid.*

3.2 *Die komponent te Moord- en Roof gebou Bellville-Suid huisves en hanteer die volgende eenhede se werksaamhede :*

- *Moord- en Roofeenheid en*
- *Voertuigkapingseenheid.*

4. *Vanuit hierdie verdeling van kantore, sal 'n dienslys aan Radiobeheer beskikbaar gestel word ten opsigte van (1) Roy Beamish en (2) Moord- en Roof, inteendeel is die Moord- en Roof dienslys reeds gesirkuleer.*

5. *Die normale skakeling vind steeds plaas soos in die verlede, indat 'n stasie sou hy die aandag van die eenhede vermeld benodig, hy met Radiobeheer skakel, waarop Radiobeheer dan die eenheid betrokke sal aktiveer. Indien die saak waar aandag benodig word van toepassing is op die Roy Beamish-eenhede, d.w.s. Bende-ondersoek, PAGAD-ondersoek, Taxi-ondersoek, word die dienslys ten opsigte van Roy Beamish geraadpleeg en die bystandgroep geaktiveer indien die saak van toepassing is op die Moord- en Roof gebou, d.w.s. Moord- en Roof en Voertuigkaping, word die Moord- en Roof dienslys geraadpleeg en die Moord- en Roof bystandgroep geaktiveer. Binne kantoor-ure kan die onderskeie kantore, Roy Beamish and Moord- en Roof deur radiobeheer direk geaktiveer of gekontak word.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

RESTRUCTURING OF SERIOUS VIOLENT CRIME UNIT

MANDATE : MURDER AND PRIORITY CRIMES

2.1. Robbery with aggravating circumstances of money or valuables in transit being conveyed in armoured vehicles or other specialised money transporters and any murders which might result from the robbery.

2.2. Robbery with aggravating circumstances committed at banks (not auto banks), financial institutions, post offices and other state institutions and any murders which might result from the robbery.

2.3. Pay roll robberies, where aggravated circumstances are present, during the paying out of the monies irrespective of where the payment occurs and any murders which might result from the robbery.

2.4. Robberies which occur in businesses other than these mentioned in paragraph 2.2 during which shots are fired by the perpetrators and innocent victims are injured.

2.5. Gang violence inclusive of all murders, attempted murders, arson, malicious injury to property and intimidation. Arson and malicious injury cases, must have been caused either through damage resulting from the use of firearms or incendiary devices.

2.6. PAGAD orchestrated violence identical to that applicable to gangs.

2.7. Taxi violence, violence between opposing taxi groupings and the spilling over of violence between the groupings whereby innocent bystandes are affected, inclusive of the identical criminal conduct as mentioned in paragraph 2.5 and 2.6.

2.8. Robbery with aggravating circumstances during which the commission of the crime is directed against the owner's / user's right of possession of a motor vehicle or road freigt and murders which might result from such robbery.

2.9. Murders of householders and / or their employees resulting from burglaries. In such incidents the perpetrators identity must be unknown at the time of reporting / discovery.

2.10. Murders and attempted murders committed on or against law enforcement officials. (Murders which might result from domestic and arguments at work excluded).

2.11. Murders of children under the age of 16 and the elderly over the age of 65, where the identity of the perpetrator is unknown at the time of reporting / discovery.

2.12. All serial murders.

2.13. The Provincial Commissioner and Area Commissioners shall have the right to task the unit to investigate any cases which they are of opinion requires specialized expertise. Such instructions will to issued to the Provincial Commander of Serious Violent Crimes. All four of the Area Commissioners shall have the right to task the unit.

SIGNED : L KNIPE : DIRECTOR
PROVINCIAL COMMANDER : SERIOUS VIOLENT CRIME
DETECTIVE SERVICE : WESTERN CAPE
ViolCrUnit\01\hk

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

B

Kaartuitleg van studiegebied

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



13 14



15 16

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

C

Voorbeeld van vraelys

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. Het u 'n speurderkursus deurloop?

Ja	1
Nee	2

1.1 Indien ja, wanneer?

.....

2. Hoe lank is u al verbonde aan die speurdiens?

.....

3. Watter tipe ondersoeke het u al gedoen?

Algemeen	1
Ernstig	2
Beide	3

4. In watter van die volgende is u opgelei? Indien ja, dui ook aan of u opleiding formeel of informeel was.

Terrein	Nee	Ja	Formele opleiding	Informele opleiding
Ballisties	1	2	3	4
Forensies	1	2	3	4
Inligtinginwinning				

4.1 Indien u formele opleiding gehad het wat was die vorm?

Indiensopleiding	1
Indiensopleiding deur mede kollegas	2
Ander	3

5. Het u enige opleiding gehad in die volgende veld?

Terrein	Nee	Ja	Formeel	Informeel
Grondwet	1	2	3	4
Menseregte				
Gemeenskappolisiëring				

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

. Dui aan hoe sterk u met die volgende stellings saamstem of verskil.

Stelling	Stem beslis saam	Stem saam	Onseker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam nie	
Klaers is onbetrokke in die ondersoek van ernstige misdaad	1	2	3	4	5	
Die gemeenskap is betrokke in die ondersoek van ernstige misdaad	1	2	3	4	5	
Die Gemeenskap Polisieforum is betrokke in die ondersoek van ernstige misdaad	1	2	3	4	5	
Die ondersoek van ernstige misdaad sal in die toekoms verbeter	1	2	3	4	5	
My beriggewersnetwerk in die ondersoek na ernstige misdaad is swak	1	2	3	4	5	
Getuies gee goeie samewerking in die ondersoek van ernstige misdaad	1	2	3	4	5	

10. Hoe gereeld gee u terugvoering aan klaers en getuienis in ernstige geweldsmisdaad-sake?

Maandeliks	1	
Twee weekliks	2	
Weekliks	3	
Ongereeld	4	

11. Dink u die hulpmiddels vir die ondersoek van ernstige geweldsmisdaad is voldoende?

Ja	1	
Nee	2	

11.1 Indien nee, spesifiseer en meld ook die hulpmiddels.

.....

11.2 Is die toestand van die hulpmiddels na u mening oor die algemeen diensbaar of swak?

Diensbaar	1	
Swak	2	

.1.3 Is die hulpmiddels na u mening taak georienteerd?

Ja	1	
Nee	2	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

12. Ondervind u enige probleme in die vervanging van hulpmiddels vir die ondersoek van ernstige misdaad.

Ja	1
Nee	2

Indien Ja, watter probleem/probleme ondervind u?

.....

13. Is u vertroud met die mandaat van EGM?

Nee	1
Ja	2

13.1 Indien Ja, hoe ervaar u dit? Beskryf

.....

14. Is die werkwyses van die EGM ten opsigte van vuurwapen sake is dit vir u van enige hulp?

Ja	1
Nee	2

15. Hoe gereeld maak u gebruik van die diens van EGM op geweldmisdaadtonele?

Altyd	1
Nie so gereeld nie	2
Glad nie	3

15.1 Indien glad nie, motiveer

.....

16. Meld faktore wat volgens u kan bydrae tot die suksesvolle ondersoeke van ernstige geweldmisdaad?

.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

D

Koerantberig - Rapport 23 Januarie 2000

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Rapport 23 Januarie bl. 8

Bushie se manne só 'weggelok'

DE WET POTGIETER
Pretoria

Dir. Bushie Engelbrecht se top-polisie-eenheid in die stryd teen geweldmisdade het die afgelope tyd deurgeloop onder werwers in die private sektor. Vyf van sy speurders is weg na groener weivelde.

Volgens Engelbrecht se voormalige nasionale hoof, asst.komm. Suiker Britz, is dié eenheid se manne met die hand uitgesoek.

"Ek sou sê 25 van Bushie se 30 manne is die beste wat daar in die polisie is, en daarom sal hulle in aanvraag wees by sowel die Skerpioene as in die private sektor."

Engelbrecht sê diegene wat gegaan het, "het vir my gesê dit was swaar om afskeid te neem, want hulle het die werk baie geniet, maar die geld is beter daar buite. Daar is 'n beter toekoms vir hulle."

Hy is bekommerd, want sy eenheid is 'n klein groepie top-speurders en met elke verlies word die werklading en druk net soveel meer op dié wat agterbly.

Volgens Engelbrecht het hy aansoek gedoen om 10 nuwe poste in die eenheid en hy hou duim vas dit word 'n werklikheid.

Toe die Skerpioene gestig is, was daar gerugte dat sy eenheid ontbind gaan word, maar daar is nou weer 'n mate van rustigheid, sê hy.

Speurders sê die haglike werkomstandighede maak dit vir hulle moeilik om hul werk met trots te doen. Hopelose toerusting, swak salarisse, min werkbevrediging en 'n werklading van pakke en pakke onafgehandelde ondersoeke met te min speurders om dit te hanteer, is as die vernaamste redes aangevoer waarom polisielede op 'n streep bedank.

Die nypende tekort aan mannekrag in die polisie veroorsaak dat daar van speurders verwag word om tussen 70 en 140 ondersoeke op 'n slag te hanteer. In teenstelling hanteer die meeste private veiligheidsondernemings se ondersoekers nooit meer as 3 op 'n slag nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

E

Koerantberig - Die Burger 2 Junie 2000

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VRYDAG **2 JUNIE** 2000 bl (7)

Speurders in 2 Kaapse metro's is swak opgelei

LORRAINE BRAID

KAAPSTAD. – Nie 'n enkele speurder in die Wes- of Oos-Metropool het opleiding ontvang by die Polisie se Akademie nie en bykans die helftê van die altesame 895 speurders in die twee distrikte is slegs in basiese ondersoekvaardighede opgelei.

Mnr. Steve Tshwete, Minister van Veiligheid en Sekuriteit, het in 'n skriftelike antwoord op 'n vraag van mnr. Douglas Gibson (DP), syfers vir die aantal speurders in dié twee distrikte verskaf.

In Mitchells Plain is 61 speurders van wie nie een enige speuropleiding het nie en in Lansdowne, Grassy Park, Steenberg en Elsiesrivier is daar tussen 20 en 22 speurders by elke polisiekantoor wat geen opleiding ontvang het nie.

Van die 66 speurders in Kaapstad en die 20 in Philippi het vier by elke kantoor basiese opleiding.

In Langa het 10 van die 16 speurders basiese opleiding, in Nyanga het 13 van die 25 basiese opleiding en slegs 22 van die 50 speurders in Khayelitsha het enige opleiding.

Die tekort aan voertuie by die polisiekantore in die Kaapstadse Metropool het ook ter sprake gekom in Tshwete se antwoord op 'n ander vraag van Gibson.

Waar die optimale getal voertuie in Kaapstad 140 is, is slegs 67 beskikbaar, waarvan twee herstel word.

In Mitchells Plain word die optimale getal op 136 vasgestel, maar bestaan 'n tekort van 70 en van die 66 in gebruik word 8 tans herstel. Die voertuig met die hoogste kilometerlesing het al 358 021 afgelê.

Gugulethu het 'n tekort van 11 voertuie, Manenberg 19, Seepunt 16 en Grassy Park 17.

Mnr. Joe Matthews (IVP), Adjunk-Minister van Veiligheid en Sekuriteit, het vroeër in die Nasionale Raad van Provinsies op 'n vraag van mnr. Piet Matthee (NNP LP) gesê die SAPD het nie genoeg personeel, voertuie of toerusting om sy taak behoorlik te kan uitvoer nie.

Matthews het gesê om die Polisie se groot tekorte aan te vul sal die Regering sowat R8,5 miljard per jaar kos. Dit sal sowat drie tot vyf jaar duur om die tekort van ongeveer 7 000 opgeleide polisiebeamptes uit te wis.

Die begroting kort nog sowat R7,9 miljard per jaar om genoeg beamptes te hê om misdaad te bekamp en te beheer.

Nóg sowat R472 miljoen vir voertuie, R25 miljoen vir rekenaartoerusting en R60 miljoen vir ander toerusting is nodig, het Matthews gesê.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

F

Koerantberig - Die Burger 12 September 2000

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DINSDAG **12 SEPTEMBER** 2000

Drie forensies verbind met moord op Valencia

JORISNA BONTHUYS

KAAPSTAD. – Forensiese getuienis verbind drie van die vier verdagtes met die opspraakwekkende verkragtingsmoord op die 14-jarige Valencia Farmer, het 'n forensiese kenner gister hier in die Hooggeregshof gesê.

Supt. Sharlene Otto, 'n senior forensiese ontleder van die biologie-eenheid van die forensiese laboratorium in Delft, het getuig daar bestaan 'n kans van een uit miljard dat meer as een persoon die genetiese profiel in die resultate van dié forensiese toetse kan hê. Die resultate van twee stelle DNS-toetstegnieke dien voor die hof.

Drie mans en 'n 16-jarige jeugdige staan tereg in verband met dié verkragtingsmoord.

Die mans is mnre. Glenville Faro (19), Johannes Kriel (26) en Franklin Roberts (20).

Luidens getuienis stem genetiese materiaal wat op Valencia se klere gevind is, ooreen met bloedmonsters van Faro, Roberts en die jeugdige.

Shahieda Valencia Farmer van Beverley Park is verlede jaar op 28 Junie oorlede nadat sy twee aande tevore herhaaldelik verkrag, met 'n mes gesteek en keelaf gesny is.

Valencia is die aand van die aanval na 'n vervalle huis in Eucalyptus Straat, Eersterivier, gelok.

Sy is hier wreed verkrag en onsedelik aangerand. Hoewel sy vir dood agtergelaat is, het sy naak en bebloed uit die huis tot in die straat gekruip waar sy gevind is. Valencia se dapper stryd om haar lewe – sy het haar aanvallers gebyt terwyl sy 53 steek- en snywonde, krapmerke en skaafwonde toegedien is – het ongekende gemeenskapswoede ontlok. Die huis waar sy aangeval is, is byna heeltemal afgebreek.

Me. Elizabeth Wallenstein, 'n buurvrou van die Farmers, het getuig dat sy die aand van Valencia se dood haar en 'n vriendin (ene Patricia Booysen) in Pienk Tente (Denise se werf), 'n plaaslike sjebien, raak geloop het.

Volgens Wallenstein kon sy sien Valencia "het 'n bier of so ingehad". Sy het getuig Faro (Bekkies) en Kriel (Piele) het saam met van hul vriende in die hoek van dié "smokkelhuis" gekuier.

"Ek het Shahieda nader geroep en gevra of haar ma weet waar sy rondlê.

"Hierop het sy gesê 'nee, antie'. Ek het gevra wat sy gaan maak as sy by die huis kom en haar ma ruik drank aan haar. Sy het gesê sy sou net aan die deur klop, ingaan en gaan slaap en die volgende oggend kerk toe gaan. Dit was haar laaste woorde aan my." Sy het getuig sy het Valencia nooit voorheen by enige van die smokkelhuise in dié gebied raak geloop nie.

Een van Wallenstein se vriendinne het Valencia laas in die geselskap van Bekkies gesien.